- (k) Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daarvoor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig mag vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.
- (l) By die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes deur die plaaslike bestuur te dien effekte dat die dorp in 'n goedgekeurde skema opgeneem is en dat die skema voorwaardes bevat wat in ooreenstemming is met die titelvoorwaardes hierin vervat, kan sodanige titelvoorwaardes verval.

(B) GENERAL RESIDENTIAL ERF.

In addition to the conditions set out in subclause (A) hereof, Erf No. 920 shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used solely for the purposes of erecting thereon a dwelling-house or block of flats, boarding-houses, hostels or other buildings for such uses as may be approved by the Administrator from time to time, after consultation with the Townships Board and the local authority: Provided that:
 - (i) until the erf is connected to a public sewerage system, the building shall not be more than two storeys in height;
 - (ii) the coverage of all buildings shall not exceed 30% of the area of the erf;
 - (iii) the maximum height of the building shall be restricted to two storeys: Provided that if more than 75 per cent of the ground floor is used for the parking of vehicles an additional storey may be erected;
 - (iv) the maximum floor space ratio shall not exceed 0.8;
 - (v) covered and paved parking together with the necessary manoeuvring space shall be provided on the erf in the ratio of one parking space to each dwelling unit to the satisfaction of the local authority;
 - (vi) the internal streets on the erf shall be constructed and maintained by the registered owner to the satisfaction of the local authority;
 - (vii) the siting of buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf and ingress to and egress from the erf shall be to the satisfaction of the local authority;
 - (viii) the registered owner shall be responsible for the maintenance of the total development of the erf: Provided that if the local authority feels that the premises or any portion of the development are not maintained satisfactorily, the local authority shall be entitled to undertake such maintenance itself at the expense of the registered owner.
- (b) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (c) No building or outbuilding shall be erected on the erf nearer than three metres from any boundary of the erf.
- (d) In the event of a dwelling-house being erected on the erf, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith, shall be erected on the erf except with the consent of the Administrator: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf, this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
- (e) If the erf is fenced or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(C) SPECIAL PURPOSE ERVEN.

In addition to the conditions set out in subclause (A) hereof, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

(B) ALGEMENE WOONERF.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erf No. 920 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis of woonstelblokke, losieshuise, koshuise of ander geboue vir gebruike soos van tyd tot tyd deur die Administrateur goedgekeur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, op te rig: Met dien verstande dat —
 - (i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees nie totdat die erf met 'n publieke rioolstelsel verbind is;
 - (ii) die totale dekking van alle geboue nie meer mag wees as 30% van die oppervlakte van die erf nie;
 - (iii) die maksimum hoogte van die gebou beperk word tot twee verdiepings: Met dien verstande dat indien meer as 75 persent van die grondvloer vir die parkering van voertuie gebruik word 'n bykomstige verdieping opgerig mag word;
 - (iv) die maksimum vloerruimteverhouding nie 0.8 mag oorskry nie;
 - (v) bedekte en geplaveide parkering sowel as die nodige beweegruimte voorsien moet word in die verhouding van een parkeerplek vir elke woon-eenheid tot bevrediging van die plaaslike bestuur;
 - (vi) die interne strate op die erf op eie koste deur die geregistreerde eienaar gebou en in stand gehou word tot bevrediging van die plaaslike bestuur;
 - (vii) die geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word en die ingange tot en uitgange vanaf die erf geplaas word tot bevrediging van die plaaslike bestuur;
 - (viii) die geregistreerde eienaar verantwoordelik is vir die algehele ontwikkeling van die erf: Met dien verstande dat indien die plaaslike bestuur van mening is dat die terrein of enige gedeelte van die ontwikkeling van die erf nie bevredigend in stand gehou word nie, die plaaslike bestuur geregtig is om sodanige instandhouding te onderneem op koste van die geregistreerde eienaar.
- (b) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, gelyktydig met of voor die buitegeboue opgerig word.
- (c) Geen gebou of buitegebou mag op die erf opgerig word nader as 3 meter vanaf enige grens van die erf nie.
- (d) Ingeval 'n woonhuis op die erf opgerig word, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is op die erf opgerig word nie behalwe met die toestemming van die Administrateur: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan gekonsolideer word met enige ander erf of enige gedeelte van 'n erf, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrateur van toepassing gemaak mag word op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde area.
- (e) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot bevrediging van die plaaslike bestuur.

(C) ERWE VIR SPESIALE DOELEINDES.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is onderstaande erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) *Erven Nos. 56, 437, 917, 1240 and 1671.*
The erf shall be used solely for a crèche and for purposes incidental thereto or for such other purposes as the Administrator may permit and subject to such requirements as he may impose in consultation with the Townships Board and the local authority.
- (b) *Erven Nos. 215, 438, 1002, 1239, 1672 and 1684.*
 - (i) The erf shall be used solely for religious purposes and for purposes incidental thereto or for such other purposes as may be allowed and subject to such conditions as may be determined by the Administrator after consultation with the Townships Board and the local authority.
 - (ii) Parking in the ratio of one parking space to each 30 seats, together with the necessary manoeuvring space, shall be provided to the satisfaction of the local authority.
- (c) *Erf No. 1915.*
This erf shall be used solely for such purpose as may be permitted and subject to such conditions as may be determined by the Administrator, after reference to the Townships Board and the local authority.

(D) GENERAL BUSINESS ERVEN.

In addition to the conditions set out in subclause (A) hereof, Erven Nos. 57 and 916 shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a place of amusement or assembly: Provided further that:
 - (i) the height of the building shall be restricted to two storeys;
 - (ii) the erf shall not be used for residential purposes;
 - (iii) effective and paved parking shall be provided to the satisfaction of the local authority in the ratio of two square metres of parking for each square metre of retail floor space and 200 square metres of parking for each 1250 square metres of office floor space;
 - (iv) provision shall be made on the erf for the loading and off-loading of vehicles to the satisfaction of the local authority;
 - (v) the siting of all buildings and ingress to and egress from the erf to a public street system shall be to the satisfaction of the local authority.
- (b) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (c) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and subclause (a) hereof there shall be no limitation to the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu Eating House of any description whatsoever shall be conducted on the erf.
- (d) No offensive trade as specified either in section 95 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a town-planning scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(E) SPECIAL RESIDENTIAL ERVEN.

In addition to the conditions set out in subclause (A) hereof the erven with the exception of those referred to in subclauses (B) to (D) shall be subject to the following conditions:—

- (a) *Erwe Nos. 56, 437, 917, 1240 en 1671.*
Die erf mag slegs gebruik word vir 'n crèche en vir doeleindes in verband daarmee of vir sodanige ander doeleindes as wat die Administrateur mag toelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat hy mag bepaal na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.
- (b) *Erwe Nos. 215, 438, 1002, 1239, 1672 en 1684.*
 - (i) Die erf moet uitsluitlik vir godsdienstdoeleindes gebruik word en vir doeleindes in verband daarmee of vir sodanige ander doeleindes as wat die Administrateur mag toelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat hy mag bepaal, na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.
 - (ii) Parkering in die verhouding van een parkeer-ruimte vir elke 30 sitplekke, tesame met die nodige beweegruimte, moet verskaf word tot bevrediging van die plaaslike bestuur.
- (c) *Erf No. 1915.*
Die erf moet gebruik word vir sodanige doeleindes soos toegelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat die Administrateur mag bepaal na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(D) ALGEMENE BESIGHEIDSERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erwe Nos. 57 en 916 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf mag slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word vir 'n vermaaklikheids- of 'n vergaderplek nie: Voorts met dien verstande dat:
 - (i) die hoogte van die gebou beperk word tot twee verdiepings;
 - (ii) die erf nie gebruik mag word vir woondoeleindes nie;
 - (iii) doeltreffende en geplaveide parkering verskaf word tot bevrediging van die plaaslike bestuur in 'n verhouding van twee vierkante meter parkering vir elke vierkante meter kleinhandel-vloerruimte en 200 vierkante meter parkering vir elke 1250 vierkante meter kantoorvloerruimte;
 - (iv) voorsiening op die erf gemaak moet word vir die oplaai en aflaai van voertuie tot bevrediging van die plaaslike bestuur;
 - (v) die plasing van alle geboue en ingange tot en uitgange vanaf die erf na 'n publieke straatstelsel tot bevrediging van die plaaslike bestuur moet wees.
- (b) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met of voor die buitegeboue opgerig word.
- (c) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (a) hiervan, is daar geen beperking wat die aantal winkels of besighede betref wat op die erf opgerig of gedryf mag word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoeethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.
- (d) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf òf in artikel 95 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, òf in 'n dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(E) SPESIALE WOONERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is die erwe met uitsondering van die wat in subklousule (B) tot (D) genoem word, ook aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) The erf shall be used for the erection thereon of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator, after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area, may be erected on the erf.
- (b) Not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith, shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may, with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
- (c) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.
- (d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf, shall be located not less than 3 metres from any boundary thereof abutting on a street.
- (e) If the erf is fenced or otherwise enclosed the fence or other fencing material shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. Erven Subject to Special Conditions.

In addition to the relevant conditions set out above, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

- (1) *Erf No. 1915.*
- (a) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf, shall be located not less than 13 metres from the southern boundary thereof.
- (b) Ingress to and egress from the erf shall be restricted to the northern boundary of the erf.
- (2) *Erven Nos. 971, 992, 1047, 1080, 1106 and 1149.*
The erf shall be subject to a servitude for municipal purposes, in favour of the local authority, as indicated on the general plan.

3. Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.

In addition to the relevant conditions set out above, all erven shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be subject to a servitude, two metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary, as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within two metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude any material that may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary; and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purposes: Provided that any damage done during the process of construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works shall be made good by the local authority.

- (a) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort op die erf opgerig kan word.
- (b) Op die erf mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan gekonsolideer word met enige ander erf of gedeelte van 'n erf, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrateur van toepassing gemaak mag word op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde area.
- (c) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of voor die buitegeboue opgerig word.
- (d) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 3 meter van die straatgrens daarvan geleë wees.
- (e) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot bevrediging van die plaaslike bestuur.

2. Erwe Onderworpe aan Spesiale Voorwaardes.

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is onderstaande erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (1) *Erf No. 1915.*
- (a) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 13 meter vanaf die suidelike grens daarvan geleë wees.
- (b) Ingang tot en uitgang vanaf die erf is beperk tot die noordelike grens van die erf.
- (2) *Erwe Nos. 971, 992, 1047, 1080, 1106 en 1149.*
Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangetoon op die algemene plan.

3. Serwituut vir Riolerings- en Ander Munisipale Doeleindes.

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is alle erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, twee meter breed, langs net een van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voorgenomde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke wat hy volgens goedgekeurde noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens; en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word.

4. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

- (i) "Applicant" means the Community Development Board and its successors in title to the township.
- (ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling by a single family.
- (iii) "Floor space ratio" means the ratio obtained by dividing the total area of the erf into the total area of all the floors (excluding a basement, open roofs and floor spaces devoted solely to car parking for the occupants of the building or buildings) of the intended building or buildings, such area being measured over the external walls and including every form of space except ornamental features (such as spires, turrets and bellies) and space which is reasonable or necessary for the cleaning, maintenance, care or the mechanical equipment of the building or buildings: That is to say

Total area of all floors of the building
or buildings.

$$\text{F.S.R.} = \frac{\text{Total area of all floors of the building or buildings.}}{\text{Total area of the erf.}}$$

5. *State and Municipal Erven.*

Should any erf referred to in clause A6 or any erf required or re-acquired as contemplated in Clause B1 (ii) or any erf acquired as contemplated in clause B1 (iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority, such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be determined by the Administrator and in addition, under the circumstances set out above, the undermentioned erf shall be subject to the following conditions:—

Erf No. 1912.

- (a) Buildings, including outbuildings hereafter erected on the erf, shall be located not less than 13 metres from the Southern boundary thereof.
- (b) Ingress to and egress from the erf shall be restricted to the northern and western boundaries thereof.

No. 290 (Administrator's), 1970.

PROCLAMATION

by the Honourable the Administrator of the Province Transvaal.

Whereas it is deemed expedient to alter the boundaries of Longdale Township by the inclusion therein of Portion 216 (a portion of Portion 177) of the farm Langlaagte No. 244-IQ, district of Johannesburg;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section 49 of the Deeds Registries Act, 1937, read with section 82 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, I hereby declare that the boundaries of the said township are extended to include the said portion, subject to the conditions set out in the annexure hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this 2nd day of December One Thousand Nine hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
T.A.D. 6/210.

4. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukings die betekenis wat aan hulle geheg word:—

- (i) „Applikant” beteken die Gemeenskapsontwikkelingsraad en sy opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.
- (ii) „Woonhuis” beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.
- (iii) „Vloerruimteverhouding” beteken die verhouding wat verkry word deur die totale oppervlakte van al die verdiepings (behalwe 'n kelder, oopdakke en vloerruimtes wat uitsluitend aangewend word vir die parkering van motorvoertuie vir die bewoners van die gebou of geboue) van die voorgename gebou of geboue, welke oppervlakte oor die buitewand gemeet word en elke vorm van ruimte insluit, behalwe versierings (soos spitspunte, torinkies en kloktorings) en ruimte wat vir die skoonmaak, onderhoud, versorging of die meganiese uitrusting van die gebou of geboue redelik of nodig is, te deel deur die totale oppervlakte van die erf: Dit wil sê

Totale vloeroppervlakte van alle vloere
van die gebou of geboue.

$$\text{Vrv.} = \frac{\text{Totale vloeroppervlakte van alle vloere van die gebou of geboue.}}{\text{Totale oppervlakte van die erf.}}$$

5. *Staats- en Munisipale Erwe.*

As enige erf waarvan melding in klousule A6 gemaak word of enige erf wat benodig of herverkry mag word soos beoog in klousule B1(ii) of erwe wat verkry mag word soos beoog in klousule B1(iii) hiervan, geregistreer word in die naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van die voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur bepaal, en hierbenewens onder die omstandighede hierbo uiteengesit, is onderstaande erf aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

Erf No. 1912:

- (a) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 13 meter van die suidelike grens daarvan geleë wees.
- (b) Ingang tot en uitgang vanaf die erf is beperk tot die noordelike en westelike grens daarvan.

No. 290 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

deur sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal dit wenslik geag word om die grense van die dorp Longdale te verander deur Gedeelte 216 ('n gedeelte van Gedeelte 177) van die plaas Langlaagte No. 244-IQ, distrik Johannesburg, daarin op te neem;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (1) van artikel 49 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, gelees met artikel 82 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan my verleen word, hierby verklaar dat die grense van genoemde dorp uitgebrei is sodat die genoemde gedeelte daarin opgeneem word onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande bylaag.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 2de dag van Desember Eenduisend Negehonderd-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 6/210.

ANNEXURE.

A. CONDITIONS OF INCORPORATION.

Upon incorporation of Portion 216 (a portion of Portion 177) of the farm Langlaagte No. 244-IQ, district of Johannesburg, the applicant shall:—

- (a) Cause the following industrial stand and stands outside townships to be abandoned:—
 - (i) Stands Outside Townships Nos. 175 and 78 defined by diagram R.M.T. No. 30 and held by Charles Frankel.
 - (ii) Industrial Stand No. 260, defined by diagram R.M.T. No. 424 and held by Charles Frankel under Industrial Stand Gr. 2 nt No. 269.
- (b) Pay to the City Council of Johannesburg an amount of R5,130 for road construction and stormwater drainage purposes.
- (c) Pay to the City Council of Johannesburg an amount of R1,505 in lieu of land to be provided for cemetery, depositing and Bantu location sites.
- (d) Provide vehicular access to the land to the satisfaction of the City Council of Johannesburg.

B. CONDITIONS OF TITLE.

Upon incorporation, the land shall be subject to existing conditions and servitudes and shall further be subject to the following conditions imposed by the Administrator:—

- (a) The buildings and outbuildings on the erf shall not occupy more than 85% of the total area of the erf nor exceed four storeys in height.
- (b) The floor space ratio of buildings on the erf shall not exceed 2.5.
- (c) Buildings erected on the erf shall be located not less than 3 metres from the boundary thereof abutting on a street.
- (d) The loading and off-loading of vehicles shall be done only within the boundaries of the erf, provided that no materials or goods of whatever nature shall be dumped, placed or stored on the portion of the erf between the building line and the street boundary of the erf, which portion shall not be used for any purpose other than laying out and maintaining lawns and gardens.
- (e) Parking facilities shall be provided to the satisfaction of the City Council of Johannesburg.

No. 291 (Administrator's), 1970.

PROCLAMATION

by the Honourable the Administrator of the Province Transvaal.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Azaadville on Portion 30 (a portion of Portion 26) of the farm Rietvalei No. 241-IQ, district Randfontein:—

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section 20 of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the schedule hereto.

BYLAAG.

A. INLYWINGSVOORWAARDES.

By inlywing van Gedeelte 216 ('n gedeelte van Gedeelte 177) van die plaas Langlaagte No. 244-IQ, distrik Johannesburg, moet die applikant:—

- (a) Die volgende industriële standplaas en standplase buite dorpe laat verval:—
 - (i) Standplase Buite Dorpe Nos. 175 en 78 afgebaken deur diagram R.M.T. No. 30 en gehou deur Charles Frankel.
 - (ii) Industriële Standplaas No. 260, afgebaken deur diagram R.M.T. No. 424 en gehou deur Charles Frankel onder Industriële Standplaas Gr. 2 t. No. 269.
- (b) Aan die Stadsraad van Johannesburg 'n bedrag van R5,130 vir padbou en stormwaterdreineringsdoeleinde betaal.
- (c) Aan die Stadsraad van Johannesburg 'n bedrag van R1,505 betaal in die plek van grond wat verskaf moet word vir begraafplaas-, stortings- en Bantoclokasie-terreine.
- (d) Voertuigtoegang tot die grond verskaf tot voldoening van die Stadsraad van Johannesburg.

B. TITELVOORWAARDES.

Die grond is by inlywing onderworpe aan bestaande voorwaardes en serwitute en is verder onderworpe aan die volgende voorwaardes deur die Administrateur opgelê:—

- (a) Die geboue en buitegeboue op die erf mag nie meer as 85% van die totale oppervlakte van die erf beslaan of hoër as vier verdiepings wees nie.
- (b) Die vloerruimteverhouding van geboue op die erf mag nie meer wees as 2.5 nie.
- (c) Geboue op die erf opgerig mag nie nader as 3 meter vanaf die straatgrense geleë wees nie.
- (d) Die op- en aflaai van voertuie moet slegs binne die grense van die erf geskied, met dien verstande dat geen materiaal of goedere van watter aard ook al, op dié gedeelte van die erf tussen die boulyn en dié straatgrens van die erf geplaas, gestort of bewaar mag word nie, en genoemde gedeelte mag vir geen ander doel behalwe die uittê en onderhoud van grasperke en tuine gebruik word nie.
- (e) Parkeringsfasiliteite moet tot voldoening van die Stadsraad van Johannesburg verskaf word.

No. 291 (Administrateurs-), 1970.

PROKLAMASIE

deur sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Azaadville te stig op Gedeelte 30 ('n gedeelte van Gedeelte 26) van die plaas Rietvalei No. 241-IQ, distrik Randfontein;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheids wat by subartikel (4) van artikel 20 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande bylae.

Given under my Hand at Pretoria on this 2nd day of December, One thousand Nine hundred and Seventy.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
P.B. 4/2/2/2694.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 30 (A PORTION OF PORTION 26) OF THE FARM RIETVALEI NO. 241-IQ, DISTRICT OF RANDFONTEIN, WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Azaadville.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.3071/70.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up including provision for fire fighting services, is available and that arrangements have been made regarding the delivery of the water and the reticulation thereof throughout the township. These arrangements shall include an undertaking by the applicant to reticulate water to the street frontage of any erf in the township when called upon so to do by the owner of the erf concerned: Provided the applicant is satisfied of the *bona fide* intention of such owner to build within a reasonable period.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the sanitation of the township which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval, a certificate to the effect that arrangements have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 2de dag van Desember Eenduisend Neghonderd-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.B. 4/2/2/2694.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN KRUGERSDORP INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 30 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 26) VAN DIE PLAAS RIETVALEI NO. 241-IQ, DISTRIK RANDFONTEIN, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Azaadville.

2. *Ontwerpplan van Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.3071/70.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is en dat reëlins getref is in verband met die lewering van die water en die retikulاسie daarvan deur die hele dorp. Hierdie reëlins sluit 'n onderneming van die applikant in om 'n voorraad water tot by die straatfront van enige erf in die dorp aan te lê wanneer hy deur die eienaar van die betrokke erf daartoe aangesê word: Met dien verstande dat die applikant oortuig is van die *bona fide* voorneme van sodanige eienaar om binne 'n redelike tydperk daarop te bou.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlins uiteengesit word, moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre Dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlins getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van die vuilwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlins getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlins moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. Land for State and Other Purposes.

- (a) The following erven as shown on the general plan shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant for State purposes:
- (i) General: Erven Nos. 522, 523 and 584.
 - (ii) Educational: Erven Nos. 234, 235 and 725.
- (b) The following erven, as shown on the general plan shall be retained by the applicant for the purposes specified:
- (i) General municipal purposes: Erven Nos. 92, 236, 363 to 365 and 551.
 - (ii) As parks: Erven Nos. 726 to 732.

7. Access.

- (a) Ingress from Provincial Road P.42-1 to the township and egress to Provincial Road P.42-1 from the township are restricted to the junction of the street along the easterly boundary of Erf No. 732 with the said road.
- (b) The applicant shall at its own expense submit to the Director, Transvaal Roads Department, in terms of Regulation 93 of the Roads Ordinance No. 22 of 1957, a proper design layout (scale 1 inch=40 feet) in respect of the ingress and egress point referred to in (a) above, for approval. The applicant shall submit specifications acceptable to the Director, Transvaal Roads Department, when required to do so by him and shall construct the said ingress point at its own cost and to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department.

8. Erection of Fence or Other Physical Barrier.

The applicant shall at its own expense erect and maintain a fence or other physical barrier to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department, as and when required to do so by him.

9. Enforcement of the Requirements of the Controlling Authority Regarding Road Reserves.

The applicant shall satisfy the Director, Transvaal Roads Department, regarding the enforcement of his conditions.

10. Amendment of Town-planning Scheme.

The applicant shall at its own expense take the necessary steps to have the relevant town-planning scheme amended immediately after proclamation of the township.

11. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

12. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section 56bis of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

1. 6. Grond vir Staats- en Ander Doeleindes.

- (a) Die volgende erwe soos op die Algemene Plan aangewys moet deur en op koste van die applikant aan die bevoegde owerhede oorgedra word vir Staatsdoeleindes:
- (i) Algemeen: Erwe Nos. 522, 523 en 584.
 - (ii) Onderwys: Erwe Nos. 234, 235 en 725.
- (b) Die volgende erwe soos op die Algemene Plan aangewys moet deur die applikant behou word vir die doeleindes gespesifiseer:
- (i) Algemene munisipale doeleindes: Erwe Nos. 92, 236, 363 tot 365 en 551.
 - (ii) As parke: Erwe Nos. 726 tot 732.

7. Toegang.

- (a) Ingang vanaf Provinsiale Pad P.42-1 tot die dorp en uitgang na Provinsiale Pad P.42-1 uit die dorp word beperk tot die aansluiting van die straat langs die oostelike grens van Erf No. 732 by genoemde pad.
- (b) Die applikant moet op eie koste aan die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, ingevolge Regulasie 93 van die Padordonnansie No. 22 van 1957, 'n behoorlike ontwerpuitleg (skaal 1 duim = 40 voet) ten opsigte van die in- en uitgangspunt in (a) hierbo genoem, vir sy goedkeuring voorlê wat vir die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, aanvaarbaar is, wanneer hy dit vereis en moet genoemde in- en uitgangspunt op eie koste en tot bevrediging van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, bou.

8. Oprigting van Heining of Ander Fisiese Versperring.

Die applikant moet op eie koste 'n heining of ander fisiese versperring oprig en onderhou tot bevrediging van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, soos en wanneer dit deur hom verlang word.

9. Nakoming van die Vereistes van die Beherende Gesag Insake Padreserwes.

Die applikant moet die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, tevrede stel insake die nakoming van sy vereistes.

10. Wysiging van Dorpsaanlegskema.

Die applikant moet op eie koste die nodige stappe doen om die toepaslike dorpsaanlegskema te laat wysig onmiddellik nadat die dorp geproklameer is.

11. Beskikking oor Bestaande Titellovoorwaardes.

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte.

12. Nakoming van Voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titellovoorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56bis van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of —

- (i) the erven mentioned in Clause A6 hereof;
- (ii) such erven as may be acquired by the State; and
- (iii) such erven as may be required or re-acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purposes for which such erven are required—

shall be subject to the conditions hereinafter set forth imposed by the Administrator under the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance No. 11 of 1931.

(A) GENERAL CONDITIONS.

- (a) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (b) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.
- (c) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.
- (d) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.
- (e) Upon the submission to the Registrar of Deeds of a certificate by the local authority to the effect that the township has been included in a town-planning scheme, and that the scheme contains conditions corresponding to the title conditions contained herein, such title conditions shall lapse.

(B) GENERAL RESIDENTIAL ERVEN.

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 339 to 341, 347 to 349, 448, 449, 524, 525, 549, 550, 552, 553 and 583 shall be subject to the following conditions:—

- (a) The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon a dwelling-house or a block of flats, boarding house, hostel or other buildings for such uses as may be allowed by the Administrator from time to time after reference to the Townships Board and the local authority: Provided that:
 - (i) until the erf is connected to a public sewerage system, the buildings shall not exceed two storeys and thereafter three storeys in height: Provided that an additional storey may be added if more than 75% of the ground floor is used for the parking of vehicles;

B. TITELVOORWAARDES.

1. Die Erwe met Sekere Uitsonderings.

Die erwe met uitsondering van —

- (i) die erwe in klousule A6 hiervan genoem;
- (ii) erwe wat deur die Staat verkry word; en
- (iii) erwe wat vir munisipale doeleindes benodig of herverkry word, mits die Administrateur in ooreleg met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het —

is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie No. 11 van 1931:—

(A) ALGEMENE VOORWAARDES.

- (a) Nòg die eienaar, nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaarig.
- (b) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te graawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.
- (c) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike bestuur oplê, mag nòg die eienaar nòg enige bewoner van die erf putte of boorgate op die erf sink of enige ondergrondse water daaruit put nie.
- (d) Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n publieke straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, vanwaar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig mag vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.
- (e) By die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes deur die plaaslike bestuur te dien effekte dat die dorp in 'n goedgekeurde skema opgeneem is en dat die skema voorwaardes bevat wat in ooreenstemming is met die titelvoorwaardes hierin vervat, kan sodanige titelvoorwaardes verval.

(B) ALGEMENE WOONERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erwe Nos. 339 tot 341, 347 tot 349, 488, 449, 524, 525, 549, 550, 552, 553 en 583 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis of woonstelblok, losieshuis, koshuis, of ander geboue vir gebruik soos van tyd tot tyd deur die Administrateur goedgekeur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, op te rig: Met dien verstande dat:
 - (i) die geboue nie meer as twee verdiepings hoog mag wees nie totdat die erf met 'n openbare rioelstelsel verbind is, en daarna nie meer as drie verdiepings nie: Met dien verstande dat indien meer as 75% van die grondvloer vir die parkering van voertuie gebruik word 'n bykomende verdieping opgerig kan word;

- (ii) the total coverage of all buildings shall not exceed 30% of the area of the erf;
 - (iii) covered and paved parking at a ratio of one parking space for every two dwelling units together with the necessary manoeuvring area shall be provided on the erf to the satisfaction of the local authority;
 - (iv) the internal roads on the erf shall be constructed and maintained by the registered owner to the satisfaction of the local authority;
 - (v) buildings, including outbuildings, to be erected on the erf, and entrances and exits, shall be sited to the satisfaction of the local authority; and
 - (vi) the registered owner shall be responsible for the maintenance of the whole development on the erf. If the local authority is of the opinion that the premises or any part of the development is not kept in a satisfactory state of maintenance, then the local authority shall be entitled to undertake such maintenance at the registered owner's cost.
- (b) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
 - (c) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 6 metres from the street boundary.
 - (d) In the event of a dwelling-house being erected on the erf, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf except with the consent of the Administrator: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
 - (e) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(C) SPECIAL BUSINESS ERVEN.

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 342 to 346 and 351 to 361 shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly, garage, industrial premises or an hotel: Provided further that:
 - (i) the height of the buildings shall be restricted to three storeys;
 - (ii) the upper floor may be used for residential purposes;
 - (iii) provision shall be made on the erf for the loading and off-loading of vehicles to the satisfaction of the local authority;
 - (iv) the siting of buildings, ingress to and egress from the erf to a public street system shall be to the satisfaction of the local authority.
- (b) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (a) hereof there shall be no limitation to the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that

- (ii) die totale dekking van alle geboue nie meer as 30% van die oppervlakte van die erf mag wees nie;
 - (iii) bedekte en geplaveide parkering in die verhouding van 1 parkeerplek vir elke twee wooneenhede tesame met die nodige beweegruimte op die erf voorsien moet word tot bevrediging van die plaaslike bestuur;
DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP IN TERMS OF SECTION 69 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Malanshof Extension No. 1 Township situated on Portion 49 (a portion of Portion 7) of the farm Klipfontein No. 203-IQ, district Johannesburg, to be an approved township and in the Schedule to this notice the conditions upon which the application for the establishment of the said township has been granted, are set forth.

P.B. 4-2-2-3066.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ABLEON INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 49 (A PORTION OF PORTION 7) OF THE FARM KLIPFONTEIN NO. 203-IQ, DISTRICT JOHANNESBURG, WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. Name.

The name of the township shall be Malanshof Extension No. 1.

2. Design of Township.

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A5252/69.

3. Stormwater Drainage and Street Construction.

- (a) The applicant shall carry out the approved scheme relating to stormwater drainage and street construction at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.
- (b) The streets shall be named to the satisfaction of the Administrator.

4. Endowment.

Payable to the Transvaal Education Department.

The township owner shall, in terms of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance No. 25 of 1965, pay a lump sum endowment to the Transvaal Education Department on the land value of erven in the township.

- (i) In respect of general residential erven:
The area of the land shall be calculated on the number of flat units which can be erected in the township multiplied by 15.86 sq. metres. Each flat unit to be taken as 99 sq. metres in extent.
- (ii) In respect of special residential erven:
The area of the land shall be calculated by multiplying 48.08 sq. metres by the number of erven in the township.

Hierdie wysiging staan bekend as Randburg-wysigingskema No. 64.

P.B. 4-9-2-132-64.

Administrateurskennisgewing 1482 9 Desember 1970

VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP INGEVOLGE ARTIKEL 69 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) verklaar die Administrateur hierby die dorp Malanshof Uitbreiding No. 1 geleë op Gedeelte 49 ('n gedeelte van Gedeelte 7) van die plaas Klipfontein No. 203-IQ, distrik Johannesburg, tot 'n goedgekeurde dorp en in die Bylae by hierdie kennisgewing is die voorwaardes uiteengesit waarop die aansoek om die stigting van bedoelde dorp toegestaan is.

P.B. 4-2-2-3066.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ABLEON INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 49 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 7) VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN NO. 203-IQ, DISTRIK JOHANNESBURG, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. Naam.

Die naam van die dorp is Malanshof Uitbreiding No. 1.

2. Ontwerpplan van Dorp.

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A5252/69.

3. Stormwaterdreinerings en Straatbou.

- (a) Die applikant moet die goedgekeurde skema in verband met stormwaterdreinerings en straatbou op eie koste namens en tot voldoening van die plaaslike bestuur uitvoer onder die toesig van 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is.
- (b) Die strate moet tot voldoening van die Administrateur name gegee word.

4. Begiftiging.

Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement. Die dorpscienaar moet kragtens die bepalings van artikel 62 en 63(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, begiftiging in 'n globale bedrag aan die Transvaalse Onderwysdepartement betaal op die grondwaarde van erwe, in die dorp.

- (i) Ten opsigte van algemene woonerwe:
Die grootte van hierdie grond word bereken deur 15.86 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal woonsteleenhede wat in die dorp opgerig kan word: Elke woonsteleenheid geneem te word as 99.1 vierkante meter groot.
- (ii) Ten opsigte van spesiale woonerwe:
Die grootte van hierdie grond word bereken deur 48.08 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal erwe in die dorp.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment is payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

5. Land for Municipal Purposes.

The following erven as shown on the general plan shall be transferred to the local authority by and at the expense of the applicant:

- (i) As a park: Erf No. 274.
- (ii) As a transformer site: Erf No. 273.

6. Erection of Pumping Station and Ascending Sewer Main.

The applicant shall at its own expense and to the satisfaction of the local authority erect a pumping station and ascending sewer main on Erf No. 255.

7. Rerouting or Repositioning of Powerlines.

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to reroute or reposition the existing powerlines of the Electricity Supply Commission, the cost occasioned thereby shall be borne by the applicant.

8. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

9. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance No. 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of:—

- (i) the erven mentioned in clause A5 hereof;
- (ii) such erven as may be acquired by the State; and
- (iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purpose for which such erven are required—

shall be subject to the conditions hereinafter set forth imposed by the Administrator under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, No. 25 of 1965:—

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude

Die waarde van die grond moet vasgestel word kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

5. Grond vir Munisipale Doeleindes.

Die volgende erwe soos op die algemene plan aangetoon, moet deur en op koste van die applikant aan die plaaslike bestuur oorgedra word:

- (i) As 'n park: Erf No. 274.
- (ii) As 'n transformatorterrein: Erf No. 273.

6. Oprigting van Pompstasie en Stygrioolhoofleiding.

Die applikant moet op eie koste en tot voldoening van die plaaslike bestuur 'n pompstasie en stygrioolhoofleiding op Erf No. 255 oprig.

7. Herroetering of Herplasing van Kraglyne.

Indien dit, as gevolg van die stigting van die dorp, nodig sou word om die bestaande kraglyne van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie te herroeter of herplaas, moet die koste wat daardeur veroorsaak word deur die applikant gedra word.

8. Beskikking oor Bestaande Titellovoorwaardes.

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte.

9. Nakoming van Voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titellovoorwaardes en enige ander voorwaardes opgelê ingevolge artikel 62 van Ordonnansie No. 25 van 1965 nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B. TITELVOORWAARDES.

1. Die Erwe met Sekere Uitsonderings.

Die erwe met uitsondering van:—

- (i) die erwe genoem in klousule A5 hiervan;
- (ii) erwe wat deur die Staat verkry mag word; en
- (iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het—

is onderworpe aan die voorwaardes hierna uiteengesit, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, 2 meter breed, langs net een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg,

such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works made good by the local authority.

2. Erven Subject to Special Conditions.

The undermentioned erven shall be subject to the following condition:—

Erven Nos. 237, 243 and 254 to 256.

The erf is subject to a servitude for municipal purposes in favour of the local authority as shown on the general plan.

3. State and Municipal Erven.

Should any erf referred to in clause A5 or any erf required as contemplated in clause B1(ii) and (iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority, such erf shall thereupon be subject to such conditions as may be permitted by the Administrator.

Administrator's Notice 1483 9 December, 1970

KLERKSDORP AMENDMENT SCHEME NO. 2/18.

It is hereby notified in terms of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Klerksdorp Town-planning Scheme No. 2, 1953, to conform with the conditions of establishment and the general plan of Wilkoppies Extension No. 12 Township.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Klerksdorp, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Klerksdorp Amendment Scheme No. 2/18.

P.B. 4-9-2-17-18.

Administrator's Notice 1484 9 December, 1970

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP IN TERMS OF SECTION 69 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Wilkoppies Extension No. 12 Township situated on Portion 501 (a portion of Portion 328) of the farm Elandsheuvel No. 402-IP, district Klerksdorp, an approved township and in the Schedule to this notice the conditions upon which the application for the establishment of the said township has been granted, are set forth.

P.B. 4/2/2/2776

onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goed-dunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens; en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

2. Erwe Onderworpe aan Spesiale Voorwaardes.

Ondergenoemde erwe is aan die volgende voorwaarde onderworpe:—

Erwe Nos. 237, 243 en 254 tot 256.

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos aangetoon op die algemene plan.

3. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf waarvan melding in klousule A5 gemaak word of enige erf verkry soos beoog in klousule B1(ii) en (iii) hiervan, geregistreer word op naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur bepaal.

Administrateurskennisgewing 1483 9 Desember 1970

KLERKSDORP-WYSIGINGSKEMA NO. 2/18.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Klerksdorp-dorpsaanslegskema No. 2, 1953, te wysig, om ooreen te stem met die stigtingsvoorwaardes en die algemene plan van die dorp Wilkoppies Uitbreiding No. 12.

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Klerksdorp en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Klerksdorp-wysigingskema No. 2/18.

P.B. 4-9-2-17-18.

Administrateurskennisgewing 1484 9 Desember 1970

VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP IN-GEVOLGE ARTIKEL 69 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) verklaar die Administrateur hierby die dorp Wilkoppies Uitbreiding No. 12 geleë op Gedeelte 501 ('n Gedeelte van Gedeelte 328) van die plaas Elandsheuvel No. 402-IP, distrik Klerksdorp, tot 'n goedgekeurde dorp en in die Bylae by hierdie kennisgewing is die voorwaardes uiteengesit waarop die aansoek om die stigting van bedoelde dorp toegestaan is.

P.B. 4/2/2/2776.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY PIETER JOHANNES VISAGIE UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, NO. 25 OF 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 501 (A PORTION OF PORTION 328) OF THE FARM ELANDSHEUVEL NO. 402-I.P., DISTRICT KLERKSDORP, WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Wilkoppies Extension No. 12.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A9383/69.

3. *Streets.*

- (a) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall be entitled to relieve the applicant from time to time wholly or partially from this obligation after reference to the Townships Board and the local authority.
- (b) The streets shall be named to the satisfaction of the Administrator.

4. *Endowment.*

- (a) *Payable to the local authority:*
The township owner shall, subject to the provisions of section 63(1) of the Town-planning and Townships Ordinance No. 25 of 1965, pay as an endowment to the local authority, amounts representing:
- (i) 15% on the land value of erven in the township, which amount shall be utilized for the construction of streets and stormwater drainage in or for the township; and
 - (ii) 1½% on the land value of erven in the township, which amount shall be utilized for the acquisition and/or the development of parks within the area of jurisdiction of the local authority.

Such endowment to be payable in accordance with the provisions of section 74 of the said Ordinance.

- (b) *Payable to the Transvaal Education Department:*
In terms of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, No. 25 of 1965, the township owner shall pay a lump sum as endowment to the Transvaal Education Department on the land value of erven in the township.

The area of this land shall be calculated by multiplying the number of erven in the township by 485 square feet.

The value of the land shall be determined according to the provisions of section 74(3) and such endowment shall be paid under the provisions of section 73 of the said Ordinance.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR PIETER JOHANNES VISAGIE INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE NO. 25 VAN 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 501 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 328) VAN DIE PLAAS ELANDSHEUVEL NO. 402-I.P., DISTRIK KLERKSDORP, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Wilkoppies Uitbreiding No. 12.

2. *Ontwerpplan van die Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A9383/69.

3. *Strate.*

- (a) Die applikant moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant van tyd tot tyd gedeeltelik of geheel van die aanspreeklikheid te onthef na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur;
- (b) Die strate moet name gegee word tot bevrediging van die Administrateur.

4. *Begiftiging.*

- (a) *Betaalbaar aan die plaaslike bestuur.*
Die dorpscienaar moet, ingevolge die bepalings van artikel 63(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, as begiftiging aan die plaaslike bestuur, bedrae geld betaal wat gelykstaande is met:—
- (i) 15% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag aangewend sal word vir die bou van strate en vloedwaterdreinerings in of vir die dorp; en
 - (ii) 1½% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag aangewend sal word vir die verkryging en/of ontwikkeling van parke binne die plaaslike bestuur se regsgebied.

Sodanige begiftiging is ooreenkomstig die bepalings van artikel 74 van die bedoelde Ordonnansie betaalbaar.

- (b) *Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement.*
Die dorpscienaar, moet kragtens die bepalings van artikels 62 en 63(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, begiftiging in 'n globale bedrag aan die Transvaalse Onderwysdepartement betaal op grondwaarde van erwe in die dorp.

Die grootte van hierdie grond word bereken deur die getal erwe in die dorp te vermenigvuldig met 485 vierkante voet.

Die waarde van die grond moet bepaal word kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

5. Demolition of Buildings and Structures.

The applicant shall at his own expense cause all buildings and structures situated on Erf No. 641 to be demolished to the satisfaction of the local authority as and when required to do so by the local authority.

6. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

7. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance No. 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest such obligations in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of:

- (i) such erven as may be acquired by the State; and
- (ii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purposes for which such erven are required —

shall be subject to the conditions mentioned hereafter, imposed by the Administrator under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, No. 25 of 1965.

2. Erven Subject to Special Conditions.

The undermentioned erven shall be subject to the following conditions:

- (1) *Erf No. 637.*
The erf shall be subject to a servitude for stormwater purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan.
- (2) *Erven Nos. 642, 643 and 648.*
 - (a) The erf shall be subject to a servitude for stormwater purposes in favour of the local authority as indicated on the general plan.
 - (b) The erf shall be subject to a servitude for road purposes in favour of the local authority as indicated on the general plan.
- (3) *Erf No. 649.*
The erf shall be subject to a servitude for road purposes in favour of the local authority as indicated on the general plan.

3. Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.

All erven shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf is subject to a servitude, two metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

5. Slooping van Geboue en Strukture.

Die applikant moet op eie koste alle geboue en strukture geleë op Erf No. 641 laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur soos en wanneer hy deur die plaaslike bestuur versoek word om dit te doen.

6. Beskikking oor Bestaande Titellovoorwaardes.

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte.

7. Nakoming van Voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titellovoorwaardes en enige ander voorwaardes opgelê ingevolge artikel 62 van Ordonnansie No. 25 van 1965, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

„B” TITELLOVOORWAARDES.

1. Die Erwe met Sekere Uitsonderings.

Die erwe met uitsondering van:—

- (i) erwe wat deur die Staat verkry mag word; en
- (ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur in oorleg met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het —

is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965.

2. Erwe Onderworpe aan Spesiële Voorwaardes.

Onderstaande erwe is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (1) *Erf No. 637.*
Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir stormwaterdoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die algemene plan.
- (2) *Erwe Nos. 642, 643 en 648.*
 - (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir stormwaterdoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die algemene plan.
 - (b) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir paddoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die algemene plan.
- (3) *Erf No. 649.*
Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir paddoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die algemene plan.

3. Servituut vir Riolerings- en Ander Munisipale Doeleindes.

Alle erwe is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, 2 meter breed, langs net een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.

- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

4. State and Municipal Erven.

Should any erf acquired as contemplated in Clause B1(i) and (ii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Townships Board.

Administrator's Notice 1485

9 December, 1970

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-Laws of the Pretoria Municipality, published under Administrator's Notice 787, dated 18 October 1950, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for Annexure VIII of the Water Tariff under Schedule 1 to Chapter 3 of the following:—

„ANNEXURE VIII.

(Applicable to the Pretoria Municipality only.)

1. Charges for Supply of Water.

- (1) *Scale A: Bulk Consumers.*
- (a) The tariff set out in paragraph (b) shall be applicable to the consumers falling under categories (i) to (xii) below. Until such time as any consumer, other than the one falling under Scale B, C or D, has made a written choice to be classified under Scale A charges for the supply of water to such consumer shall be raised in terms of Scale B.
- (i) Factories and industries registered in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, or in terms of the Mines and Works Act, 1956.
 - (ii) The Government of the Republic of South Africa, including the Provincial Administration.
 - (iii) The South African Railways and Harbours.
 - (iv) Statutory Bodies and Boards.
 - (v) Hospitals and Nursing Homes.
 - (vi) Educational institutions and their hostels.
 - (vii) Charitable organizations.
 - (viii) Churches.
 - (ix) Sport clubs.

- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voorgenomde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyp-leiding en ander werke wat hy volgens goëddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens; en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyp-leiding en ander werke veroorsaak word.

4. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf wat verkry word soos beoog in klousule 1(i) en (ii) hiervan, geregistreer word op naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur in oorleg met die Dorperaad bepaal.

Administrateurskennisgewing 1485

9 Desember 1970

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 787 van 18 Oktober 1950, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur Aanhangel VIII van die Watertarief onder Bylae 1 by Hoofstuk 3 deur die volgende te vervang:—

„AANHANGSEL VIII.

(Slegs op die Munisipaliteit Pretoria van toepassing.)

1. Vorderings vir die Levering van Water.

- (1) *Skaal A: Grootmaatverbruikers.*
- (a) Die tarief in paragraaf (b) uiteengesit is op die verbruikers wat onder kategorieë (i) tot (xii) hieronder ressorteer van toepassing. Tot tyd en wyl enige verbruiker, uitgesonderd dié wat onder Skaal B, C of D ressorteer, 'n skriftelike keuse uitgeoefen het om onder Skaal A geklassifiseer te word, word gelde vir die lewering van water aan sodanige verbruiker ingevolge Skaal B gehef.
- (i) Fabriekke en nywerhede geregistreer ingevolge die Wet op Fabriekke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, of ingevolge die Wet op Myne en Bedrywe, 1956.
 - (ii) Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, insluitende die Provinsiale Administrasie.
 - (iii) Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.
 - (iv) Statutêre inrigtings en rade.
 - (v) Hospitale en verpleeginrigtings.
 - (vi) Onderwysinrigtings en hul koshuise.
 - (vii) Liefdadigheidsorganisasies.
 - (viii) Kerke.
 - (ix) Sportklubs.

- (x) Consumption for municipal purposes.
 - (xi) Bantu locations.
 - (xii) Township owners for distribution in proclaimed townships.
- (b) The following charges shall be payable:—
- (i) A service charge per account, per month or portion of a month, whether water is consumed or not: R0.50.
 - (ii) a basic charge per meter, per month, *pro rata* for a portion of a month, whether water is consumed or not: R25.
 - (iii) A quantity charge of 4.51c per kl of water consumed since the previous meter reading, based on a Rand Water Board charge of 2.2c per kl; any increase or reduction in the latter charge shall be added to or subtracted from the quantity charge.
- (2) *Scale B: Domestic Consumers.*
The following tariff shall be applicable to any consumer not falling under the other tariff categories:—
A quantity charge per kl of water consumed since the previous meter reading: 8.25c.
- (3) *Scale C: Agricultural Holdings and Farm Areas.*
- (a) A basic charge of R5 per month or *pro rata* for a portion of a month, per stand, premises or other site, shall be payable where in the opinion of the Council such stand, premises or other site, with or without improvements, can be connected to the Council's water mains. (This charge is not applicable to a proclaimed township).
 - (b) The following tariff shall be applicable to any consumer supplied with water, who is not resident within a proclaimed township:—
 - (i) A basic charge per month per stand, premises or other site, *pro rata* for a portion of a month, shall be payable in cases where such stand, premises or other site, with or without improvements, is connected to the Council's water mains: R5.
 - (ii) A service charge per account, per month or portion thereof, whether or not water is consumed: R0.50.
 - (iii) A quantity charge per kl of water consumed since the previous meter reading: 8.25c.
 - (iv) The application of this tariff is subject to the following conditions:—
 - (aa) That the connecting pipe be not more than 20 mm. in diameter;
 - (bb) that the water be fed from the pipe to a reservoir with a capacity of not less than 2.27 kl and equipped with a float valve.
 - (c) For the purpose of this scale the words 'proclaimed township' means an approved township as defined in section 1 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), and includes —
 - (i) any premises outside such a township in respect of which the Council is, by reason of the location and extent of such premises and the purpose for which it is used, of the opinion that it should be deemed to be part of such a township; and
 - (ii) any area of land laid out or divided into or developed as sites for residential or business purposes in respect of which the Council is, by reason of such lay-out, division or development, of the opinion that it should be deemed to be an approved township.
- (4) *Scale D: Outlying Areas.*
In cases where water is supplied and the consumption

- (x) Verbruik vir munisipale doeleindes.
 - (xi) Bantolokasies.
 - (xii) Dorpscienaars vir verspreiding in geproklameerde dorpe.
- (b) Die volgende gelde is betaalbaar:—
- (i) 'n Diensheffing, hetsy water verbruik word al dan nie, per rekening, per maand of 'n gedeelte van 'n maand: R0.50.
 - (ii) 'n Basiese heffing, hetsy water verbruik word al dan nie, per meter per maand, *pro rata* vir 'n gedeelte van 'n maand: R25.
 - (iii) 'n Hoeveelheidsh effing van 4.51c per kl water verbruik sedert die vorige meteraflesing, gebaseer op 'n Randse Waterraadheffing van 2.2c per kl; enige vermeerdering of vermindering van laasgenoemde heffing word by die hoeveelheidsh effing getel of daarvan afgetrek.
- (2) *Skaal B: Huishoudelike Verbruikers.*
Die tarief van toepassing op enige verbruiker wat nie onder ander skale van die tarief val nie is soos volg:—
'n Hoeveelheidsh effing per kl water verbruik sedert die vorige meteraflesing: 8.25c.
- (3) *Skaal C: Landbouhoeves en Plaasgedeeltes.*
- (a) 'n Basiese heffing van R5 per maand of *pro rata* vir 'n gedeelte van 'n maand, per standplaas, perseel of ander terrein, is betaalbaar waar so 'n standplaas, perseel of ander terrein met of sonder verbeterings na die mening van die Raad by die Raad se hoofwaterleiding aangesluit kan word. (Hierdie heffing is nie op 'n geproklameerde dorpsgebied van toepassing nie.)
 - (b) Die volgende tarief is van toepassing op enige verbruiker wat van water voorsien word, maar wat nie in 'n geproklameerde dorpsgebied woonagtig is nie:—
 - (i) 'n Basiese heffing per maand per standplaas, perseel of ander terrein, *pro rata* vir 'n gedeelte van 'n maand, is betaalbaar waar so 'n standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, by die Raad se hoofwaterleiding aangesluit is: R5.
 - (ii) 'n Diensheffing, hetsy water verbruik word al dan nie, per rekening, per maand of 'n gedeelte van 'n maand: R0.50.
 - (iii) 'n Hoeveelheidsh effing per kl water verbruik sedert die vorige meteraflesing: 8.25c.
 - (iv) Die toepassing van hierdie tarief is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—
 - (aa) Dat die koppelpyp nie meer as 20 mm wyd moet wees nie;
 - (bb) dat die watertoevoer van die pyp af moet gaan na 'n opgaartenk met 'n inhoudsmaat van minstens 2.27 kl en wat met 'n vlotterklep toegerus moet wees.
 - (c) Vir die toepassing van hierdie skaal beteken die woorde 'geproklameerde dorp' 'n goedgekeurde dorp soos dit omskryf is in artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), en omvat—
 - (i) enige perseel buite so 'n dorp ten opsigte waarvan die Raad weens so 'n perseel se ligging en grootte en die doel waarvoor dit gebruik word, meen dat dit as 'n deel van so 'n dorp beskou moet word; en
 - (ii) enige stuk grond wat verdeel is in of uitgelê of ontwikkel is as terreine vir woon- of besigheidsh effing ten opsigte waarvan die Raad weens sodanige uitleg, verdeling of ontwikkeling meen dat dit as 'n goedgekeurde dorp beskou moet word.
- (4) *Skaal D: Buitegebiede.*
Waar water aan gebiede buite die Munisipaliteit of muni-

measured outside the municipality controlled area, all the tariff charges in terms of Scales A, B or C plus a surcharge of 25 per cent shall be payable.

2. Charges for Connecting the Water Supply.

The following charges for providing and fixing communication pipes and meters shall be payable according to the diameter of pipes as indicated:—

(1) Domestic:—

- (a) 15 mm : R 20.
- (b) 20 mm : R 25.
- (c) 25 mm : R 35.
- (d) 40 mm : R 60.
- (e) 50 mm : R 75.
- (f) 80 mm : R110.
- (g) 100 mm : R130.
- (h) 150 mm : R170.

(2) Fire Services:—

- (a) 40 mm : R 30.
- (b) 50 mm : R 40.
- (c) 80 mm : R 75.
- (d) 100 mm : R100.
- (e) 150 mm : R150.

(3) Locations (Domestic):—

Service on wall outbuilding. 15 mm : R6.

(4) A surcharge of 25 per cent shall be levied in respect of any such work performed outside the municipal boundary.

3. Charges in Connection with Meters.

For testing meters in accordance with section 55 under Chapter 4. Meters shall not show an error of more than 5 per cent either way:—

- (1) 15 mm to 25 mm : R2 per meter.
- (2) 40 mm to 50 mm : R4 per meter.
- (3) For meters in excess of 50 mm : At cost.

4. Miscellaneous Charges.

(1)(a) For disconnection of the water supply at the request of the owner or his agent or for a breach of these by-laws: R2.

(b) For reconnection of the water supply disconnected in terms of paragraph (a): R2.

(2) For providing a temporary water supply with a pipe not exceeding 20 mm and three weeks duration for fetes, circuses and other such functions: R12 for providing the supply and a non-refundable deposit of R3 per week to cover the cost of the water consumed.

(3) For work which the Council may undertake at the request of an owner or other body for which no charge has been fixed, the charge shall be the cost to the Council of all actual expenses including material, labour, transport, use of tools and plant, plus a surcharge of 10 per cent on such amount in respect of overhead expenses and supervision charges.

(4) The following charges shall be payable when service is rendered at the special request of the consumer:—

- (a) For the re-reading of water meter: R1.
- (b) (i) For the shifting of a water meter by not more than 2 meter: R10.
- (ii) For the shifting of a water meter by more than 2 meter but not more than 3 meter: R15."

2. By the addition after section 53(b) of the following:—

"(c) In the case of a meter which does not measure according to the metric system, every 1000 gallons indicated on such meter shall, for the purposes of this section, be deemed to be 4.55 kl."

P.B. 2-4-2-104-3.

sipaalbeheerde gebiede gelewer en gemeet word, is alle tariefheffings ingevolge Skale A, B en C, plus 'n toeslag van 25 persent betaalbaar.

2. Vorderings vir die Aansluiting van die Watervoorraad.

Vir die verskaffing en aanlê van verbindingspype en die aanbring van meters, is die volgende gelde betaalbaar volgens die deursnee van pype soos aangedui:—

(1) Huishoudelik:—

- (a) 15 mm: R20.
- (b) 20 mm: R25.
- (c) 25 mm: R35.
- (d) 40 mm: R60.
- (e) 50 mm: R75.
- (f) 80 mm: R110.
- (g) 100 mm: R130.
- (h) 150 mm: R170.

(2) Brandweerdienste:—

- (a) 40 mm: R30.
- (b) 50 mm: R40.
- (c) 80 mm: R75.
- (d) 100 mm: R100.
- (e) 150 mm: R150.

(3) Lokasies (huishoudelik):—

Diens aan muur van buitegebou. 15mm: R6.

(4) 'n Toeslag van 25 persent word gehêf ten opsigte van enige sodanige werk wat buite die munisipale grens gedoen word.

3. Vorderings in Verband met Meters.

Vir die toets van meters ooreenkomstig artikel 55 onder Hoofstuk 4. Meters mag nie meer as 5 persent te veel of te min aanwys nie:—

- (1) 15 mm tot 25 mm: R2 per meter.
- (2) 40 mm tot 50 mm: R4 per meter.
- (3) Vir meters bo 50 mm: Teen koste.

4. Diverse Gelde.

(1) (a) Vir die afsluiting van die watervoorraad op versoek van die eienaar of sy agent of vanweë 'n oortreding van hierdie verordeninge: R2.

(b) Vir die heraansluiting van die watervoorraad wat ingevolge paragraaf (a) afgesluit is: R2.

(2) Vir die tydelike aanlê van water met 'n pyp van hoogstens 20 mm en vir nie langer as drie weke nie ten opsigte van kermisse, sirkusse en ander dergelyke byeenkomste: R12 vir die aanleg plus 'n nie-terugbetaalbare deposito van R3 per week om die koste van die water wat verbruik word, te dek.

(3) Die tarief vir die werk wat die Raad op versoek van die eienaar of ander liggaam onderneem en waarvoor geen tarief bepaal is nie, is die koste vir die Raad van alle werklike uitgawes insluitende materiaal, arbeid, vervoer, gebruik van gereedskap en masjinerie, plus 'n toeslag van 10 persent op sodanige bedrag ten opsigte van oorhoofse koste en toesiggelde.

(4) Die volgende gelde is betaalbaar wanneer die diens op spesiale versoek van die verbruiker gelewer word:—

- (a) Om 'n watermeter te laat herlees: R1.
- (b) (i) Om 'n watermeter nie meer as 2 meter te verskuif nie: R10.
- (ii) Om 'n watermeter meer as 2 meter maar nie meer as 3 meter te verskuif: R15."

2. Deur na artikel 53(b) die volgende by te voeg:—

"(c) In die geval van 'n meter wat nie volgens die metrieke stelsel meet nie, word elke 1,000 gelling wat op so 'n meter aangedui word, vir die toepassing van hierdie artikel, geag 4.55 kl te wees."

P.B. 2-4-2-104-3.

Administrator's Notice 1486 9 December, 1970

CORRECTION NOTICE.

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: STAFF REGULATIONS.

Administrator's Notice 1258, dated 18 December, 1968, is hereby corrected as follows:-

1. By the substitution in regulation 11 for the word "required" of the word "require".
2. By the substitution in regulation 12(2) for the word "be", where it occurs in the fifth line, of the word "he".
3. By the substitution in regulation 12(3) for the word "be", where it occurs in the third line, of the word "to".
4. By the deletion in regulation 12(4) of the comma after the word "shall" where it occurs in the second line.
5. By the substitution in regulation 18(ix) for the word "property" of the word "properly".
6. By the deletion in regulation 19(1)(b) of the comma after the word "authorise" in the second line.
7. By the substitution in regulation 19(2) for the word "Secretary" in the second line of the word "secretary".
8. By the insertion in regulation 19(11) of a comma after the word "law" in the third line.
9. By the insertion in regulation 20 of the Afrikaans text after the word "tyd", where it occurs in the third line, of the words "tot tyd".
10. By the substitution in regulation 23(1) of the Afrikaans text for the word "of", where it occurs for the first time in the third line, of the word "op".
11. By the substitution in regulation 28(2) for the word "and", where it occurs in the second line, of the word "an".
12. By the substitution in regulation 28(4) for the word "or" where it occurs in the fourth line, of the word "of".
13. By the substitution in regulation 34(9) for the words "sleeplessnes" and "of", where they occur in the second line, of the words "sleeplessness" and "or" respectively.
14. By the substitution in regulation 36(1) of the Afrikaans text for the word "of", where it occurs in the third line, of the word "af".
15. By the substitution in regulation 39(1)(i) for the word "incompleted" of the word "uncompleted".

P.B. 5/1/4/4.

Administrator's Notice 1487 9 December, 1970

ROODEPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Administrateurskennisgewing 1486 9 Desember 1970

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: PERSONEELREGULASIES.

Administrateurskennisgewing 1258 van 18 Desember 1968 word hierby soos volg verbeter:—

1. Deur in regulasie 11 van die Engelse teks die woord „required” deur die woord „require” te vervang.
2. Deur in regulasie 12(2) van die Engelse teks die woord „be”, waar dit in die vyfde reël voorkom, deur die woord „he” te vervang.
3. Deur in regulasie 12(3) van die Engelse teks die woord „be” waar dit in die derde reël voorkom, deur die woord „to” te vervang.
4. Deur in regulasie 12(4) van die Engelse teks die komma na die woord „shall”, waar dit in die tweede reël voorkom, te skrap.
5. Deur in regulasie 18(ix) van die Engelse teks die woord „property” deur die woord „properly” te vervang.
6. Deur in regulasie 19(1)(b) van die Engelse teks die komma na die woord „authorise” in die tweede reël te skrap.
7. Deur in regulasie 19(2) van die Engelse teks die woord „Secretary” in die tweede reël deur die woord „secretary” te vervang.
8. Deur in regulasie 19(11) van die Engelse teks ’n komma na die woord „law” in die derde reël in te voeg.
9. Deur in regulasie 20 na die woord „tyd”, waar dit in die derde reël voorkom, die woorde „tot tyd” in te voeg.
10. Deur in regulasie 23(1) die woord „of”, waar dit die eerste keer in die derde reël voorkom, deur die woord „op” te vervang.
11. Deur in regulasie 28(2) van die Engelse teks die woord „and”, waar dit in die tweede reël voorkom, deur die woord „an” te vervang.
12. Deur in regulasie 28(4) van die Engelse teks die woord „or”, waar dit in die vierde reël voorkom, deur die woord „of” te vervang.
13. Deur in regulasie 34(9) van die Engelse teks die woorde „sleeplessnes” en „of”, waar dit in die tweede reël voorkom, onderskeidelik deur die woorde „sleeplessness” en „or” te vervang.
14. Deur in regulasie 36(1) die woord „of”, waar dit in die derde reël voorkom, deur die woord „af” te vervang.
15. Deur in regulasie 39(1)(i) van die Engelse teks die woord „incompleted” deur die woord „uncompleted” te vervang.

P.B. 5/1/4/4

Administrateurskennisgewing 1487 9 Desember 1970

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Water Supply By-laws of the Roodepoort Municipality, published under Administrator's Notice 787, dated 18 October 1950, as amended, are hereby further amended by the substitution for item (a) of the Water Tariff under Annexure X to Schedule I of Chapter 3 of the following:-

“(a) Charges for supply of water:—

(i) Monthly water consumption:—

	<i>Charge per kilo- litre or part thereof. Cents</i>
(aa) For the first 100 kilolitres	11
(bb) For the next 400 kilolitres	9
(cc) For the next 2000 kilolitres	5.5
(dd) In excess of 2500 kilolitres	4.5
(ii) Minimum charge payable per month or part thereof: 50c.”	

P.B. 2/4/2/104/30.

Administrator's Notice 1488 9 December, 1970

CORRECTION NOTICE.

BERFORDVIEW MUNICIPALITY: BY-LAWS FOR REGULATING AND LICENSING HOARDINGS AND ADVERTISING SIGNS.

Administrator's Notice 1391, dated 25th November, 1970, is hereby corrected by the substitution in the last line for the word “meters” of the word “metres”.

P.B. 2/4/2/3/46.

Administrator's Notice 1489 9 December, 1970

PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM DOUGLASDALE 195-I.Q.: DISTRICT OF JOHANNESBURG.

In view of an application having been made on behalf of Mr. T. H. Douglas and others for the cancellation or reduction of the servitude of outspan, in extent 10 morgen to which the remaining extent of the farm Douglasdale 195-I.Q., district of Johannesburg is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of section 56 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Private Bag 1001, Benoni, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 021-022J-37/3/D.3

Administrator's Notice 1490 9 December, 1970

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 157.

1. The relative tender documents including the Administration's official tender forms, are obtainable on application from the relative address indicated below. Such documents and any tender/contract conditions not embodied in the tender documents are also available for inspection at the said address:

Tender Ref.	Postal address, Pretoria	Office in New Provincial Building Pretoria			
		Room No.	Block	Floor	Phone No. Pretoria
HA 1	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A739	A	7	89251
HA 2	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A739	A	7	89260
HB	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A723	A	7	89202
HC	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A728	A	7	89206
HD	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A742	A	7	89208
PFT	Provincial Secretary (Purchases and Supplies), Private Bag 64	A1119	A	11	80924
RFT	Director, Transvaal Roads Department, Private Bag 197	D518	D	5	89184
TED	Director, Transvaal Education Department, Private Bag 76	A549	A	5	80651
WFT	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag 228	C111	C	1	80675
WFTB	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag 228	C219	C	M	80306

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. In the case of each W.F.T.B. tender the tenderer must pay a deposit of R4 before he will be supplied with the tender documents. Such deposit must be in the form of cash, a bank initialed cheque, or a departmental standing deposit receipt (R10). The said deposit will be refunded if a bona fide tender is received from the tenderer or if the tender documents including plans specifications and bills of quantities are returned by the tenderer within 14 days after the closing date of the tender to the relative address shown in note 1 above.

4. All tenders must be submitted on the Administrator's official tender forms.

5. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, P.O. Box 1040, Pretoria, and must be clearly superscribed to show the tender's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tenders must be in the hands of the Chairman by 11 a.m. on the closing date indicated above.

6. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the Formal Tender Box at the Enquiry Office in the foyer of the New Provincial Building, at the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11 a.m. on the closing date.

C. W. GRUNOW, Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, Pretoria, 2nd December, 1970.

BELANGRIKE OPMERKINGS.

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente asmede enige tender/kontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adresse vir inspeksie verkrygbaar:—

Tender verwy-sing	Posadres te Pretoria	Kantoor in Nuwe Provinsiale Gebou, Pretoria			
		Kamer no.	Blok	Verdie-ping	Tele-foonno. Pretoria
HA 1	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A739	A	7	89251
HA 2	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A739	A	7	89260
HB	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A723	A	7	89202
HC	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A728	A	7	89206
HD	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A742	A	7	89208
PFT	Provinsiale Sekre-taris (Aankope en Voorrade), Privaatsak 64	A1119	A	11	80924
RFT	Direkteur, Trans-vaalse Paaie-departement, Privaatsak 197	D518	D	5	89184
TOD	Direkteur, Trans-vaalse Onder-wysdeparte-ment, Privaat-sak 76	A549	A	5	80651
WFT	Direkteur, Trans-vaalse Werke-departement, Privaatsak 228	C111	C	1	80675
WFTB	Direkteur, Trans-vaalse Werke-departement, Privaatsak 228	C219	C	M	80306

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. In die geval van iedere W.F.T.B.-tender, moet die tenderaar 'n deposito van R4 stort alvorens hy van die tenderdokumente voorsien sal word. Sodanige deposito moet in kontant-geld wees, 'n tjek deur die bank geparafeer of 'n departemen-tele legorderkwitansie (R10). Genoemde depositobedrag sal terugbetaal word as 'n bona fide-inskrywing van die tenderaar ontvang word of as die tenderdokumente, met inbegrip van planne, spesifikasies en hoeveelhedslyste, binne 14 dae na die sluitingsdatum van die tenderaar teruggestuur word na die betrokke adres in opmerking 1 hierbo aangetoon.

4. Alle tenders moet op die amptelike tendervorms van die Administrasie voorgelê word.

5. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike versëelde kovert ingedien word, geadresseer aan die Voorsitter, Die Trans-vaalse Provinsiale Tenderraad, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11 vm. op die sluitingsdatum hierbo aangetoon, in die Voorsitter se hande wees.

6. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11 vm. op die sluitingsdatum in die Formele Tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die nuwe Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

C. W. GRUNOW, Voorsitter, Transvaalse Provinsiale Tender-raad, Pretoria, 2 Desember 1970.

Skutverkopings

Tensy voor die tyd gelos, sal die diere hieronder beskryf, verkoop word soos aangedui.

Persone wat navraag wens te doen aangaande die hieronder omskrewe diere moet in die geval munisipale skutte, die Stads- klerk nader, en wat diere in distrikskutte betref, die betrokke Landdros.

GROOTFONTEINSKUT, DISTRIK WARMBAD OP WOENSDAG 30 DESEMBER OM 11 VM. Koei, Afrikaner, 8 jaar, donkerrooi, geen oor of brandmerke. Koei, Afrikaner, 4 jaar, lig rooi, linkeroor stomp, geen brandmerke. Os, Afrikaner, 4 jaar, rooi geen oor of brandmerke.

KAMEELDRIFTSKUT, DISTRIK BRITS OP WOENSDAG 30 DESEMBER 1970 OM 11 VM. 2 Koeie, Afrikaner, 4 en 8 jaar, rooi, geen oormerke, brandmerk 2 AZ. (z) 2 Osse, Afrikaner, 3 en 4 jaar, rooi, geen oormerke, brandmerk 2 AZ. 2 verse, Afrikaner, 2 en 3 jaar, rooi, geen oormerke, 3 jaar oud vers gebrandmerk XS5 Bul, gemengde ras, 4 jaar, swart bont, geen oormerke, brandmerk onduidelik.

KRUGERSDORP MUNISIPALE SKUT OP SATERDAG 19 DESEMBER 1970 OM 9 VM. Perd, reun, 10 jaar, bruin en wit, geen merke of brandmerke.

REWARDSKUT, DISTRIK POTGIETERSRUS OP WOENSDAG 30 DESEMBER 1970 OM 11 VM. 31 Bokke, gewone tipe, 1 — 3 jaar, bont, verskillende Bantoe oormerke, geen brandmerke. 6 Skape, 5 oote, 1 ram, Baster, 1 — 3 jaar, bont, Bantoe oormerke, geen brandmerke.

Pound Sales

Unless previously released, the animals described hereunder will be sold as indicated.

Persons desiring to make inquiries respecting the animals described hereunder, in the case of animals in municipal pounds, should address the Town Clerk for those in district pounds, the Magistrate of the district concerned.

GROOTFONTEIN POUND, DISTRICT WARMBATHS ON WEDNESDAY, 30th DECEMBER, 1970, AT 11 A.M. Cow, Afrikaner, 4 years, red, no earmarks or brands. Cow, Afrikaner, 4 years, light red, left ear cropped, no brands. Ox, Ox, Afrikaner, 4 years, red, no earmarks or brands.

KAMEELDRIFT POUND, DISTRICT BRITS ON WEDNESDAY, 30th DECEMBER, 1970, AT 11 A.M. 2 Cows, Afrikaner, 4 and 8 years, red, no earmarks, branded 2 AZ. (z). 2 Oxen, Afrikaner, 3 and 4 years, red, no earmarks, branded 2 AZ. 2 Heifers, Afrikaner, 2 and 3 years, red, no earmarks, 3 year old heifer, branded XS 5. Bull, mixed breed, 4 years, roan, no earmarks, brand indistinct.

KRUGERSDORP MUNICIPAL POUND ON SATURDAY, 19th DECEMBER, 1970 AT 9 A.M. Horse, gelding, 10 years, brown and white, no marks or brands.

REWARD POUND, DISTRICT POTGIETERSRUS ON WEDNESDAY, 30th DECEMBER, 1970, AT 11 A.M. 31 Goats, common type, 1 — 3 years, roan, various Bantoe earmarks, no brands. 6 Sheep, 5 ewes, 1 ram, mixed breed, 1 — 3 years, roan, Bantu earmarks, no brands.

Notices By Local Authorities Plaaslike Bestuurskennisgewings

CITY OF JOHANNESBURG.

PROPOSED PERMANENT CLOSING AND DONATION OF SANITARY LANE PARKWOOD.

(Notice in terms of Section 67(3) and 79(18)(b) of the Local Government Ordinance, 1969.)

The Council proposes, subject to the consent of the Hon. the Administrator, to close permanently to all traffic the sanitary lane from Bath Avenue to Wells Avenue, between Worcester and Rutland Roads, Parkwood and to donate the closed portion to the adjoining owners on certain conditions.

The portion of the sanitary lane the Council intends to close and donate is shown on a plan which can be inspected during ordinary office hours at Room 302, Municipal Offices, Johannesburg. Any person who objects to the proposed closing and donation or will have any claim for compensation if the proposed closing and donation is carried out must lodge his objection or claim in writing with me on or before the 27th January 1971.

S. D. MARSHALL,
Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Johannesburg.
25th November 1970.
22/3/305/1

STAD JOHANNESBURG.

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING EN SKENKING VAN SANTASIE- STEEG : PARKWOOD.

(Kennisgewing ingevolge die bepalings van artikel 67(3) en 79(18)(b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1969.)

Die Raad is voornemens om, mits Sy Edele die Administrateur dit goedkeur, die sanitasiesteeg vanaf Bathlaan tot by Wellslaan, tussen Worcester- en Rutlandweg, Parkwood, permanent vir alle verkeer te sluit, en die geslote gedeelte op sekere voorwaardes aan die eienaars van die aangrensende standplase te skenk.

'n Plan waarop die gedeelte van die sanitasiesteeg wat die Raad voornemens is om te sluit en te skenk aangetoon word, kan gedurende gewone kantoorure in kamer 302, Stadhuis, Johannesburg, besigtig word. Enigiemand wat beswaar teen die voorgestelde sluiting en skenking wil opper of wat moontlik skadevergoeding wil eis indien die gedeelte van die steeg gesluit en geskenk word, moet sy beswaar of eis uiters op 27 Januarie 1971 skriftelik by my indien.

S. D. MARSHALL,
Klerk van die Raad.

Stadhuis,
Johannesburg.
25 November 1970.
22/3/305/1.

MUNICIPALITY OF SCHWEIZER RENEKE.

ALIENATION OF LAND.

Notice is hereby given in terms of section 79(18) of the Local Government Ordinance, 1939 as amended, of the Village Council's intention to alienate by way of lease an unsurveyed portion of the Town and Townlands approximately 2.5 Hectares to the Dingaansfeeskomitee for a period of 3 years. The rental will be R2.00 per annum.

The conditions of the alienation and a plan of the land to be alienated, lie for inspection at the office of the Town Clerk.

Objections against the proposed alienation must be lodged in writing with the undersigned within 30 days of the first publication hereof.

P. J. B. DU PREEZ
Town Clerk.

Municipal Offices,
Schweizer Reneke
25th November, 1970.
Notice No. 24/70

SCHWEIZER RENEKE MUNISIPALITEIT.

VERVREEMDING VAN GROND.

Ingevolge die bepalings van artikel 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike

Bestuur 1939 soos gewysig word hiermee bekend gemaak dat die Dorpsraad van Schweizer Reneke van voorneme is om 'n onopgemete stuk grond groot ongeveer 2.5 Hektaar, van die Dorp en Dorpsgronde aan die Dingaansfeeskomitee te verhuur vir 'n tydperk van 3 jaar.

Die huurgeld sal R2.00 per jaar wees. Afskrifte van die voorwaardes van verhuur en 'n kaart wat die grond aantoon, lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk.

Besware teen die voorgestelde verhuur moet skriftelik by die ondergetekende ingehandig word binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan.

P. J. B. DU PREEZ
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Schweizer Réneke.
25 November 1970.
Kennissgewing No. 24/70.

889—25—2—9

TOWN COUNCIL OF ROODEPOORT. PROCLAMATION OF ROAD.

Notice is given in terms of Section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance No. 44 of 1904, as amended, that the Town Council of Roodepoort has petitioned the Honourable the Administrator of Transvaal to proclaim as a public road, the proposed road more fully described in the Schedule hereto.

Copies of the petition and the plans attached thereto may be inspected during ordinary office hours at the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Roodepoort.

Objections, if any, to the Proclamation of the proposed road must be lodged in writing in duplicate with the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria, and with the Town Clerk, Roodepoort, not later than the 19th January 1971.

J. S. DU TOIT.
Town Clerk.

Municipal Offices,
Roodepoort.
M.N. No. 103/70.
2nd December, 1970.

SCHEDULE.

A road approximately 16 metres wide over a portion of Portion 167 of the farm Roodepoort, No. 237 I.Q. as more fully shown on diagram S. G. No. B 20/70. The proposed road, approximately 210 metres long will serve as a link road between Ethel Street and Hebel Road.

STADSRAAD VAN ROODEPOORT. PROKLAMERING VAN PAD

Ooreenkomstig die bepalings van Artikel 5 van die „Local Authorities Roads Ordinance“ no. 44 van 1904, soos gewysig, word bekend gemaak dat die Stadsraad van Roodepoort sy Edele die Administrateur van Transvaal, versoek het om die voorgestelde pad, soos nader omskryf in die bylae hiervan, as 'n openbare pad te proklameer.

Afskrifte van die versoekskrif en van die planne wat daarby aangeheg is, lê ter insae gedurende gewone kantoorure, by die kantoor van die Stadsklerk, Stadhuis, Roodepoort.

Enige belanghebbende wat beswaar teen die proklamerings van die voorgestelde pad wil opper, moet sy beswaar, skriftelik, in tweevoud, by die Direkteur van Plaaslike

Bestuur, Posbus 892, Pretoria, en die Stadsklerk, Roodepoort, indien, nie later nie as 19 Januarie 1971.

J. S. DU TOIT.
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Roodepoort.
M.K. No. 103/70.
2 Desember 1970.

BYLAE

'n Pad ongeveer 16 meters wyd oor 'n gedeelte van Gedeelte 167 van die plaas Roodepoort, no. 237 I.Q. soos meer volledig aangedui op Landmeterskaart S.G. no. B 20/70. Die voorgestelde pad, ongeveer 210 meters lank sal as 'n aansluitingspad tussen Ethelstraat en Hebelweg dien.

890—2—9—15.

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG.

TRIENNIAL VALUATION ROLL 1970/73

Notice is hereby given in terms of section 14 of the Local Authorities Rating Ordinance No. 20 of 1933, that the triennial valuation roll for 1970/73 of all property situate within the municipal area of Lichtenburg has been completed.

This roll will become fixed and binding upon all parties concerned who shall not within one month from date of the first publication of this notice in the Provincial Gazette (2nd December, 1970) appeal against the decision of the Valuation Court in the manner prescribed in the said Ordinance.

By order of the President of the Valuation Court.

D. J. C. VAN ZYL
Clerk of the Valuation Court.

Municipal Offices,
Lichtenburg.
2nd December 1970.
Notice No. 46/1970.

STADSRAAD VAN LICHTENBURG.

DRIEJAARLIKSE WAARDASIELYS 1970/73.

Kennissgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 14 van die Plaaslike Bestuur Belastingingordonnansie No. 20 van 1933 dat die driejaarlikse waardasie-lyst vir 1970/73 van alle belasbare eiendom in die munisipale gebied van Lichtenburg voltooi is.

Die waardasie-lyst is nou bindend op alle belanghebbende persone wat nie binne een maand vanaf datum van eerste publikasie (2 Desember 1970) van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant teen die beslissing van die Waardasiehof appelleer nie, op die wyse soos in die Ordonnansie voorgeskryf word.

Op las van die President van die Waardasiehof.

D. J. C. VAN ZYL
Klerk van die Waardasiehof

Munisipale Kantore,
Lichtenburg.
2 Desember 1970.
Kennissgewing No. 46/1970.

893 — 2 — 9.

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG.

PROPOSED AMENDMENT TO BOKSBURG TOWN-PLANNING SCHEME NO. 1 OF 1946.

(AMENDMENT SCHEME NO. 1/76)

The Town Council of Boksburg has prepared a draft amendment Town-Planning Scheme to be known as Amendment Town-Planning Scheme No. 1/76.

The purpose of this draft scheme is to metricate units of measurements contained in the Boksburg Town-Planning Scheme and is applicable to all properties in the Municipal area covered by the original scheme, as amended.

Particulars of this scheme are open for inspection at Room No. 7, First Floor, Municipal Offices, Boksburg, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is the 2nd December, 1970.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the above-mentioned town-planning scheme or within 2 kilometres of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall, within four weeks of the first publication of this notice, which is the 2nd December, 1970, inform the local authority, in writing, of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the local authority.

P. RUDO NELL,
Town Clerk,

Municipal Offices,
Boksburg.
2nd December 1970.
(No. 136). (T. 4/2/76).

STADSRAAD VAN BOKSBURG.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN BOKSBURGSE DORPSBEPLANNING-SKEMA NO. 1 VAN 1946.

(WYSIGINGSKEMA NO. 1/76)

Die Stadsraad van Boksburg het 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema opgestel, wat bekend sal staan as Wysigingskema No. 1/76

Die doel van hierdie ontwerpskema is om alle mate wat in die Boksburgse Dorpsbeplanningskema vervat is te metriseer en is van toepassing op alle eiendomme in die munisipale gebied, wat gedek word deur die oorspronklike skema, soos gewysig.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae te Kamer No. 7, Eerste Verdieping, Stadhuis, Boksburg, vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 2 Desember 1970.

Die Raad sal oorweeg of die skema aangeeem moet word al dan nie.

Enige eienaar of okkupant van vaste eiendom binne die gebied van bogemelde dorpsbeplanningskema of binne 2 kilometer van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die plaaslike bestuur binne vier weke vanaf die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 2 Desember 1970, skriftelik van sodanige be-

swaar of vertoë in kennis stel en vermeld of hy deur die plaaslike bestuur gehoor wil word of nie.

P. RUDO NELL,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Boksburg.
2 Desember 1970.
(No. 136). (T. 4/2/76).

894 — 2 — 9

VILLAGE COUNCIL OF WHITE RIVER.

INTERIM VALUATION ROLL 1970/71.

Notice is hereby given in terms of Section 14 of the Local Authorities Rating Ordinance No. 20 of 1933, as amended, that the above Roll has been completed and certified in accordance with the provisions of the said Ordinance.

The Roll will become fixed and binding upon all parties interested and concerned, who shall not appeal against the decision of the Valuation Court on or before 12 noon on Thursday, 31st December, 1970, in the manner provided for in the said Ordinance.

By order of the President of the Court.

H. N. LYNN,
Clerk of the Court.

Municipal Offices,
White River.
2nd December, 1970.
(Notice No. 8/1970/71).

DORPSRAAD VAN WITRIVIER.

TUSSENTYDSE WAARDERINGSLYS 1970/71.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 14 van die Plaaslike Bestuur Belastingordonnansie No. 20 van 1933, soos gewysig, dat bogenoemde lys voltooi en gesertifiseer is ingevolge die bepalings van bogenoemde ordonansie.

Die lys sal van toepassing en bindend wees op alle belanghebbende en betrokke partye wat nie voor of op 12 middag op Donderdag, 31 Desember 1970, teen die beslissing van die waardasiehof appelleer nie op die wyse soos voorgeskryf deur die genoemde Ordonnansie.

Op Las van die President van die Hof.

H. N. LYNN,
Klerk van die Hof.

Munisipalekantore,
Witrivier.
2 Desember 1970.
(Kennisgewing No. 8/1970/71).

899 — 2 — 9

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

PROPOSED AMENDMENT TO THE PRETORIA REGION TOWN-PLANNING SCHEME 1960: AMENDMENT TOWN-PLANNING SCHEME NO. 247.

The City Council of Pretoria has prepared a draft amendment to the Pretoria Region Town-Planning Scheme 1960 to be known as amendment Town-Planning scheme No. 247.

This draft scheme contains the following proposal:

1. The rezoning of Erven Nos. 267, 269, 272, 274, 276, 278, 279, 281, 283, 284,

286, 287, 289, 292, 290, 291, 293, 295, 299, 301, 303, 304, 307, 308 310, 312, The remaining extent of 266, Portion 3 and the remaining extent of 305 situate on Henning and Mouton Streets, Jan Niemand Park from "General Business" to "Restricted Industrial".

2. The rezoning of erven Nos. 268, 270, 271, 273, 275, 277, 280, 282, 285, 288, 294, 296, 297, 298, 300, 302, 303, 311, 313, Portions 3, 4 and 5 of 306, Portions A and 2 of 305, and a Portion of 266, situate on Brander Street, Jan Niemand Park, from "Special Residential" to "Restricted Industrial".

The effect of the scheme will be to allow the use of Erven Nos. 266 to 313, Jan Niemand Park, for restricted industrial purposes.

The properties are registered in the name of Alphen Trust and Estate Co., The City Council of Pretoria, J.H.B.M. (Pty.) Ltd., G. A. C. Ehlers and one other, Ripa Investments (Pty.) Ltd., The Church Council, D.R. Congregations Bronberg, Riviera and Pretoria East and G. E. Winnicott Respectively.

Particulars of this Scheme are open for inspection at Rooms Nos. 603W and 373W, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 2nd December, 1970.

The Council will consider whether or not the Scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable Property within the area of the Pretoria Region Town-Planning Scheme 1960, or within one mile of the Boundary thereof has the right to object to the Scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall within four weeks of the first publication of this notice which is 2nd December, 1970 inform the Town Clerk, P.O. Box 440, Pretoria, in writing of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the Local Authority.

HILMAR RODE,
Town Clerk.

Notice No. 360 of 1970.
2nd December 1970

STADSRAAD VAN PRETORIA.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE PRETORIASTREEK-DORPSAANLEGSKEMA 1960 : DORPSBEPLANNINGSWYSIGINGSKEMA NO. 247.

Die Stadsraad van Pretoria het 'n ontwerp-wysiging van die Pretoriastreek - Dorpsaanlegskema 1960 opgestel wat bekend sal staan as Dorpsbeplanning-wysigingskema No. 247.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstel.

1. Die herbestemming van erwe Nos. 267, 269, 272, 274, 276, 278, 279, 281, 283, 284, 286, 287, 289, 292, 290, 291, 293, 295, 299, 301, 303, 304, 307, 308, 310, 312, die Restant van 266, gedeelte 3 en die restant van 305, geleë aan Henning- en Moutonstraat, Jan Niemand Park, van Algemene besigheids-doeleindes na beperkte Nywerheids-doeleindes.

2. Die herbestemming van Erwe Nos. 268, 270, 271, 273, 275, 277, 280, 282, 285, 288, 294, 296, 297, 298, 300, 302, 309, 311, 313, gedeeltes 3, 4 en 5 van 306, Gedeelte A en 2 van 305 en 'n Gedeelte van 266 geleë aan Branderstraat, Jan Niemand-Park, van Spesiale Woon-

doeleindes na Beperkte Nywerheids-doeleindes.

Die uitwerking van die Skema sal wees om Erwe Nos. 266 tot 313, Jan Niemand-Park, vir beperkte Nywerheidsdoeleindes te gebruik. Die Eiendom is onderskeidelik op naam van Alphen Trust en Estate Co., Die Stadsraad van Pretoria, J. H. B. M. (Pty.) Ltd., G. A. C. Ehlers en een ander, Ripa Investments (Pty) Ltd, Die Kerkrad, N. G. Gemeentes Bronberg, Riviera en Pretoria-Oos en G. E. Winnicott geregistreer.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae te Kamers Nos. 603W, en 373W, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing af, naamlik 2 Desember 1970.

Die Raad sal die skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne die gebied van die Pretoriastreek-Dorpsaanlegskema 1960 of binne een myl van die grens daarvan, het die reg om teen die Skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, binne vier weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 2 Desember 1970, skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Plaaslike Bestuur gehoor wil word of nie.

HILMAR RODE,
Stadsklerk.

Kennisgewing No. 360 van 1970.
2 Desember 1970.

900 — 2 — 9

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

PROPOSED AMENDMENT TO THE PRETORIA TOWN-PLANNING SCHEME NO. 1 OF 1944: AMENDMENT TOWN-PLANNING SCHEME NO. 267.

The City Council of Pretoria has prepared a draft amendment to the Pretoria Town-Planning Scheme no. 1 of 1944 to be known as amendment Town-Planning Scheme no. 267.

This draft scheme contains the following proposal:

The rezoning of erven nos 1305 and 1325 Villieria, Pretoria, situate on 29th Avenue, to the South of Pierneef street, Villieria, from "Public Open Space" to "Special Residential".

The effect of the Scheme will be to allow the use of the said properties for Special Residential purposes.

The property is registered in the name of the City Council of Pretoria.

Particulars of this scheme are open for inspection at Rooms nos. 603W, and 373W, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 2nd December, 1970.

The Council will consider whether or not the Scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the Pretoria Town-Planning Scheme No. 1 of 1944 or within one mile of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof, and if he wishes to do so, he shall within four

weeks of the first publication of this notice, which is 2nd December, 1970, inform the Town Clerk, P. O. Box 440, Pretoria, in writing of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the local authority.

HILMAR RODE,
Town Clerk.

Notice No. 361 of 1970.
2nd December 1970.

STADSRAAD VAN PRETORIA.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE PRETORIASE DORPSAANLEGSKEMA NO. 1 VAN 1944; DORPSBEPLANNING-WYSIGINGSKEMA NO. 267.

Die Stadsraad van Pretoria het 'n ontwerp wysiging van die Pretoriase Dorpsaanslegskema no. 1 van 1944 opgestel wat bekend sal staan as Dorpsbeplanningwysigingskema no. 267.

Hierdie ontwerp skema bevat die volgende voorstel.

Die Herbestemming van erwe Nos. 1305 en 1325, Villieria, Pretoria, geleë aan 29ste Laan ten suide van Pierneeffstraat, Villieria, van openbare oop ruimte na Spesiale Woongebruik. Die uitwerking van die Skema sal wees om die betrokke eiendomme vir Spesiale Woondoeleindes te gebruik.

Die Eiendomme is op naam van die Stadsraad van Pretoria geregistreer.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae te Kamers Nos. 603W, en 373W, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing af, naamlik 2 Desember 1970.

Die Raad sal die skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word.

Enige eienaar of okkuperder van vaste eiendom binne die gebied van die Pretoriase Dorpsaanslegskema no. 1 van 1944 of binne een myl van die grens daarvan, het die reg om teen die Skema beswaar te maak of om vortoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, binne vier weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 2 Desember 1970 skriftelik van sodanige beswaar of vortoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Plaaslike Bestuur gehoor wil word of nie.

HILMAR RODE,
Stadsklerk.

Kennisgewing No. 361 van 1970.
2 Desember 1970.

901 — 2 — 9

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS

AMENDMENT TO CERTAIN BY-LAWS IN ORDER TO MAKE THE BY-LAWS APPLICABLE TO THE VAALWATER LOCAL AREA COMMITTEE AREA.

It is hereby notified in terms of the provisions of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that it is the Board's intention to amend the undermentioned By-laws in order to make the By-laws applicable to the Vaalwater Local Area Committee Area.

1. Building By-laws.
2. By-laws relating to Dogs.
3. By-laws for the Protection of Persons from Accidents on Private Premises.

4. Wild Animals and Bird Protection By-laws.
5. By-laws relating to the Keeping of Animals and Poultry.
6. By-laws relating to Advertising Signs.
7. By-laws for Controlling and Prohibiting the Keeping of Pigs.

Copies of the proposed amendments will lie for inspection in Room A.411 at the Board's Head Office, 320, Bosman Street, Pretoria and at the Post Office at Vaalwater for a period of 21 days from date hereof during which period objections in writing thereto may be lodged with the undersigned.

R. P. ROUSE
Secretary.

P.O. Box 1341,
Pretoria.
Notice No. 177/70.
9th December, 1970.

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE. WYSIGING VAN VERSKEIE VERORDENINGE TEN EINDE DIE VERORDENINGE OP VAALWATER PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEE-GEBIED VAN TOEPASSING TE MAAK

Dit word bekend gemaak, ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Raad van voorneme is om onderstaande Verordeninge te wysig ten einde die Verordeninge op die Vaalwater Plaaslike Gebiedskomitee-gebied van toepassing te maak

1. Bouverordeninge.
2. Verordeninge insake die Aanhou van Honde.
3. Verordeninge vir die Beskerming van Persone teen Ongelukke op Privaat Persele.
4. Verordeninge met betrekking tot die Beskerming van Wilde Diere en Voëls.
5. Verordeninge betreffende die Aanhou van Diere en Pluimvee.
6. Verordeninge insake Advertensietekens
7. Verordeninge vir die Beheer oor en die Verbod op die Aanhou van Varke.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae in Kamer A.411 by die Raad se Hoofkantoor, Bosmanstraat 320, Pretoria en by die Poskantoor te Vaalwater vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum hiervan gedurende welke tydperk skriftelike besware daarteen by die ondergetekende ingedien kan word.

R. P. ROUSE
Sekretaris.

Posbus 1341,
Pretoria.
Kennisgewing No. 177/70.
9 Desember 1970.

902 — 9

TOWN COUNCIL OF SANDTON INTERIM VALUATION ROLL

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 12 of the Local Authorities Rating Ordinance No. 20 of 1933, as amended that an interim valuation roll has been completed for the Sandton Municipality. The following new townships have also been included in the roll:

- Morningside Manor.
Sandhurst Extension No. 3
Atholl Extension No. 19
Country Life Park
Dalecross.
Hyde Park Extensions 12, 19, 40, 52, 53 and 57
Khyber Rock.
Morningside Extensions 11, 14, 17, 21.

- 22, 24, 25, 30, 36, 41, 47, 48 and 49.
Parkmore Extension No. 1
River Club.
Sandhurst Extension No. 4
Sandown Extensions 12, 15, 23 and 24.
Willowild.

The valuation roll will lie for public inspection during normal business hours for a period of thirty (30) days as from Wednesday December 9, 1970 at Flat No. 203, Majuba Flats, Alice Lane, Sandown.

All interested persons are called upon to lodge, within the period stated in this notice, any objections they may have in respect of any rateable property appearing in the roll or omitted therefrom or in respect of any error or description in the said roll. Objections must be lodged on the prescribed form at the abovementioned flat not later than 4.30 p.m. on Wednesday January 6, 1970.

Objection forms may be obtained at the place where the roll will lie for inspection.

R. I. LOUITTIT
Town Clerk.

P. O. Box 65202,
Benmore,
Sandton.
Notice No. 87/70.

STADSRAAD VAN SANDTON.

TUSSENTYDSE WAARDERINGSLYS

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van artikel 12 van die Plaaslike Bestuur Belastings-ordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat 'n tussentydse waarderingslys voltooi is ten opsigte van die Sandtonse Munisipaliteit. Die volgende nuwe dorpe is ook by die lys ingesluit:

- Morningside Manor.
Sandhurst Uitbreiding No. 3
Atholl Uitbreiding No. 19
Country Life Park.
Dalecross.
Hyde Park Uitbreidings 12, 19, 40, 52, 53 en 57.
Khyber Rock.
Morningside Uitbreidings 11, 14, 17, 21, 22, 24, 25, 30, 36, 41, 47, 48 en 49.
Parkmore Uitbreiding No. 1
River Club.
Sandhurst Uitbreiding No. 4
Sandown Uitbreidings 12, 15, 23 en 24.
Willowild.

Die waarderingslys sal vir 'n tydperk van dertig (30) dae vanaf 9 Desember 1970 ter insae lê in Woonstel No. 203, Majubawoonstelle, Alicelaan, Sandown, gedurende gewone kantoorure.

Alle persone wat belang het by die waarderingslys word versoek om enige beswaar wat hulle mag hê ten opsigte van enige belasbare eiendom wat in die lys voorkom, of daaruit weggelaat is, of ten opsigte van enige fout gemaak of verkeerde beskrywing wat in die lys aangegee word, binne die tydperk in hierdie kennisgewing genoem, in te dien.

Besware moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word by die bogenoemde woonstel nie later as 4.30 nm. op Woensdag, 6 Januarie 1971.

Beswaarvorms is verkrygbaar by die plek waar die lys ter insae lê.

R. I. LOUITTIT,
Stadsklerk

Posbus 65202,
Benmore,
Sandton.
Kennisgewing No. 87/70.

903 — 9

**TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK
AMENDMENT OF DRAINAGE AND
PLUMBING BY-LAWS.**

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Kempton Park to further amend its Drainage and Plumbing By-laws, Promulgated by Administrator's Notice No. 1061 of 5 December, 1951, as amended.

The purpose of the proposed amendment is to provide for separate charges for the use of devices for the disposal of domestic refuse and trade effluent.

Copies of the proposed amendment are open for inspection during office hours in Room 117, Municipal Offices, Margaret Avenue, Kempton Park, until Thursday, 31 December, 1970.

Q. W. VAN DER WALT.
Town Clerk.

Town Hall,
Margaret Avenue,
(P.O. Box 13),
Kempton Park.
9th December 1970.
Notice No. 66/1970.

**STADSRAAD VAN KEMPTON PARK
WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN
LOODGIETERSVERORDENINGE**

Kennis geskied hierby ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Kempton Park van voorneme is om sy Riolerings- en Loodgietersverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1061 van 5 Desember 1951, soos gewysig, verder te wysig.

Die doel van die wysiging is om voorsiening te maak vir afsonderlike tariewe vir die gebruikmaking van toestelle vir die wegruiming van huishoudelike afvalvoedsel en handelsafval.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê gedurende kantoorure ter insae in Kamer 117, Munisipale Kantoor, Margaretlaan, Kempton Park tot en met Donderdag, 31 Desember 1970.

Q. W. VAN DER WALT.
Stadsklerk.

Stadhuis,
Margaretlaan,
(Posbus 13),
Kempton Park.
9 Desember 1970.

Kennisgewing No. 66/1970.

904 — 9.

**TOWN COUNCIL OF ERMELO
NOTICE: AMENDMENT OF ABATTOIR
BY-LAWS.**

Notice is hereby given in terms of Section 96 of Ordinance, No. 17 of 1939 as amended, that the Town Council of Ermelo intends amending the Abattoir By-laws promulgated under Administrator's Notice No. 511 of the 19th November, 1923 as amended.

The abovementioned by-laws are being amended in order to provide for the killing of poultry at the Council's Abattoir.

Copies of the proposed amendments lie open for inspection in the office of the

Town Clerk, Town Hall, Ermelo during normal office hours.

Any person who wishes to object against the Council's intention must lodge such objection in writing with the Town Clerk before 12 noon on the 30th December, 1970.

Ermelo.

No. 74/70.
9th December, 1970.

STADSRAAD VAN ERMELO

**KENNISGEWING: WYSIGING VAN
ABBATOIR VERORDENINGE.**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings in Artikel 96 van Ordonnansie No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Ermelo van voornemens is om die Abattoir Bywette, soos afgekondig ingevolge Administrateurskennisgewing No. 511 van 19 November 1923, soos gewysig, verder te wysig.

Die genoemde verordeninge word gewysig ten einde voorsiening te maak vir die slag van pluimvee by die Raad se slagpale.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê gedurende normale kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, Stadhuis, Ermelo.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken teen die voorneme van die Stadsraad om die verordeninge te wysig, moet sodanige beswaar skriftelik indien by die Stadsklerk, voor 12 uur middag op 30 Desember 1970.

Ermelo.

No. 74/70
9 Desember 1970.

905 — 9

**TOWN COUNCIL OF POTGIETERSRUS
AMENDMENT OF BY-LAWS.**

Notice is hereby given in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939 as amended, that it is the intention of the Town Council of Potgietersrus to amend its Sanitary Tariffs, referred to in Sub-Section (a) of Section 19 of the Uniform Public Health By-Laws and Regulations, published under Administrators' Notice No. 884, dated 5th October, 1955, as amended.

The proposed amendment of the By-Laws includes the following:

- (i) The deletion of Sections 1 (a) and (b) and 2(a) and (b);
- (ii) The provision of a pail system at building operations;
- (iii) The provision of temporary sewerage connections at building operations in certain areas of the town.
- (iv) The provision of temporary pail systems in extraordinary cases;
- (v) The conversion of fees to the decimal system where it appears in Sections 3 and 4.

Copies of the proposed amendment of the By-Laws will be open for inspection during Office Hours in the Clerk of The Council's Office and objections if any, must be lodged in writing with the undersigned on or before the 30th December, 1970.

J. J. C. J. VAN RENSBURG.
Town Clerk.

Notice no. 43/1970.
Municipal Offices,
Potgietersrus.
9th December, 1970.

**STADSRAAD VAN POTGIETERSRUS
WYSIGING VAN VERORDENINGE**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Potgietersrus van voornemens is om sy Sanitêre Tarief, bedoel by Artikel 19 van die Publieke Gesondheidsverordeninge en Regulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 884 van 5 Oktober 1955, soos gewysig, verder te wysig:

Die voorgestelde wysiging van die Verordeninge behels die volgende:—

- (i) Deur Artikels 1 (a) en (b) en 2 (a) en (b) te skrap;
- (ii) Die voorsiening van 'n emmerstelsel by bouwerke;
- (iii) Die voorsiening van tydelike roolaansluitings by bouwerke in sekere gebiede van die dorp;
- (iv) Die voorsiening van tydelike emmers in uitsonderlike gevalle;
- (v) Deur die tariewe in Artikels 3 en 4 om te skakel na die desimale geldstelsel. Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae by die Klerk van die Raad, gedurende kantoorure en besware daarteen, indien enige, moet skriftelik voor of op 30 Desember 1970 by die ondergetekende ingedien word.

J. J. C. J. VAN RENSBURG.
Stadsklerk.

Kennisgewing No. 43/1970,
Munisipale Kantore,
Potgietersrus.
9 Desember 1970.

906 — 9.

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG.

**PERMANENT CLOSING OF PORTION
OF ESSON AND GUILD ROADS IN
THE TOWNSHIP OF LILANTON, DIS-
TRICT OF BOKSBURG, AND SALE OF
LAND TO MIRMADE INVESTMENTS
(PTY.) LTD.**

Notice is hereby given, in terms of Section 67 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Boksburg, subject to the consent of the Administrator, to close permanently to all traffic a portion of Esson and Guild Roads adjoining Erven 375 and 376 in Lilianton Township, district of Boksburg.

Notice is hereby further given, in terms of Section 79 (18) of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that in the event of such closing it is the intention of the Town Council of Boksburg to sell, subject to certain conditions, the closed portion of the roads to the owner of the said erven 375 and 376, Messrs. Mirmade Investments (Pty.) Ltd.

A copy of the plan showing the portion of the road which it is proposed to close permanently and to sell may be inspected during office hours in Room No. 7, First Floor, Municipal Offices, Commissioner Street, Boksburg.

Any person who has any objection to the proposed closing and/or sale or who may have any claim for compensation, if the closing is carried out, must lodge his objection or claim, in writing, with the Town

Clerk, Boksburg, not later than 17th February, 1971.

P. RUDO NELL,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Boksburg,
9th December, 1970.
(No. 139)
(R.1/3/30)

STADSRAAD VAN BOKSBURG.

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE VAN ESSON- EN GUILDWEG TEN DORPE LILANTON, DISTRIK BOKSBURG EN VERKOPING VAN DIE GROND AAN DIE FIRMA MIRMADE INVESTMENTS (PTY.) LTD.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Boksburg voornemens is om, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, 'n gedeelte van Esson- en Guildweg wat aan erwe 375 en 376 distrik Boksburg grens, permanent vir alle verkeer te sluit.

Kennisgewing geskied hiermee ook kragtens artikel 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat indien die gedeelte pad gesluit word, dit die voorneme van die Stadsraad van Boksburg is om daardie gedeelte van die genoemde strate, onderworpe aan sekere voorwaardes, aan Mnr. Mirmade Investments (Pty.) Limited, die eienaars van erwe 375 en 376, te verkoop.

'n Afskrif van die kaart waarop die gedeelte van die pad aangetoon word wat die Raad van voorneme is om permanent te sluit en te verkoop, sal gedurende kantoorure in Kamer No. 7, Eerste verdieping, Stadhuis, Commissionerstraat, Boksburg ter insae lê.

Iedereen wat enige beswaar teen die voorgestelde sluiting en/of verkoping het of wat, indien die genoemde gedeelte van die pad gesluit word enige eis om skadevergoeding wil instel, moet sy beswaar of eis skriftelik uiters op 17 Februarie 1971 by die Stads- klerk, Boksburg indien.

P. RUDO NELL,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Boksburg,
9 Desember 1970.
(No. 139)
(R.1/3/30)

907 — 9

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG.

PERMANENT CLOSING OF PORTION OF MORGAN AND GAYLE ROADS IN THE TOWNSHIP OF MORGANRIDGE, DISTRICT OF BOKSBURG, AND SALE OF LAND TO MR. W. A. SANSOM.

Notice is hereby given, in terms of Section 67 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Boksburg, subject to the consent of the Administrator, to close permanently to all traffic a portion of Morgan and Gayle Roads adjoining Erf 42, in Morganridge Township, district of Boksburg.

Notice is hereby further given, in terms of Section 79 (18) of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that in the event of such closing it is the intention of the Town Council of Boksburg

to sell, subject to certain conditions, the closed portion of the roads to Mr. W. A. Sansom, the owner of the said erf 42.

A copy of the plan showing the portion of the road which it is proposed to close permanently and to sell may be inspected during office hours in Room No. 7, First Floor, Municipal Offices, Commissioner Street, Boksburg.

Any person who has any objection to the proposed closing and/or sale or who may have any claim for compensation, if the closing is carried out, must lodge his objection or claim, in writing, with the Town Clerk, Boksburg, not later than 17th February, 1971.

P. RUDO NELL,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Boksburg,
9th December, 1970.
(No. 138)
(R.1/3/29)

STADSRAAD VAN BOKSBURG.

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE VAN MORGAN- EN GAYLEWEG TEN DORPE MORGANRIDGE, DISTRIK BOKSBURG, EN VERKOPING VAN DIE GROND AAN MNR. W. A. SANSOM.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Boksburg voornemens is om, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, 'n gedeelte van Morgan- en Gayleweg, wat aan erf 42 Morganridge, distrik Boksburg grens, permanent vir alle verkeer te sluit.

Kennisgewing geskied hiermee ook kragtens artikel 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat indien die gedeelte pad gesluit word, dit die voorneme van die Stadsraad van Boksburg is om daardie gedeelte van die genoemde strate, onderworpe aan sekere voorwaardes, aan mnr. W. A. Sansom, die eienaar van erf 42 Morganridge, te verkoop.

'n Afskrif van die kaart waarop die gedeelte van die pad aangetoon word wat die Raad van voorneme is om permanent te sluit en te verkoop, sal gedurende kantoorure in Kamer No. 7, Eerste verdieping, Stadhuis, Commissionerstraat, Boksburg ter insae lê.

Iedereen wat enige beswaar teen die voorgestelde sluiting en/of verkoping het of wat, indien die genoemde gedeelte van die pad gesluit word, enige eis om skadevergoeding wil instel, moet sy beswaar of eis skriftelik uiters op 17 Februarie 1971 by die Stads- klerk, Boksburg indien.

P. RUDO NELL,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Boksburg,
9 Desember 1970.
(No. 138)
(R.1/3/29)

908 — 9

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING PROCLAMATION AS PUBLIC ROAD PORTION OF PROPOSED ROAD P24/1

Notice is hereby given in terms of the Local Authorities Roads Ordinance No. 44 of 1904, as amended, that the Town Council of Vereeniging has petitioned the Ad-

ministrator of the Transvaal to proclaim as a public road the road described in Schedules A, B and C appended hereto.

